BY THE COURT (to accused No. 5)

Well now let me remind you. You seem to have heard some evidence and others you did not. He told me that he received a box of cigarettes. Inside there was anaddress. When they arrived at the station and waited some time and the person who was to have met them didnot turn up, they went to another place, to this address given inside this box and there they met the person to whom they were designed to go. Did you hear him give that evidence?---No my lord I must have not understood him well.

Very well. That is his evidence. Di you wish to ask him any questions about it?---My lord I will leave that alone, and I will go further.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO 5 (CONTINUED):

When you got to Dar-Es-Salaam did you arrive at the Trade Union offices?---Yes.

Who were you advised by to go there, to the Trade Union Offices?---Khabaniso my lord, the man that was supposed to have fetched us at the station.

The next day were you taken to the offices of the A.N.C.? ---We went there alone my lord. We were not taken there.

Did you know where it was?

BY THE COURT: Yes he toldme that the previous day he was taken there and it was locked, then he was taken to the Trade Union Office. So the next morning he knew where it was, and they went there.

CROSS-EXAMINATION BY NO. 5 (CONTINUED):

From there where were you taken to? From the A.N.C. offices?---We went to the place where we were staying atthe time.

What time were youtaken to the place where you had to go and receive the vaccination?---I don't know what the time was. I take it that the man putting questions does not know the time either, what the time was at the time.

Don't you question me, just reply to my questions.

BY THE COURT:

Yes you are perfectly right, he must answer questions and not ask questions. Yes, put your next question.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 5 (continued):

BY THE WITNESS: I remember it was 3 weeks, about the 4th week we went there.

Were you called by Tennessee alone to say that you are going and not to tell anybody about it?--He cameto me alone, and he called me aside my lord. He said I must not tell anyone there about it.

What did he say, when are you to leave?--He told me to wake up early the next morning at 5 o'clock, and come to the office.

Did you get up at that time the next morning? ---Yes I did.

After you woke up, what happened?---I took my luggage and I went.

Why did you take your luggage because you were told to go to the office?---Because I was told to come to the office at 5 in the morning and take my luggage as well when coming to the office at 5.

At the time when you arrived at Nairobi who were you with?---You, all these people with the exception of accused No.s 1 and 2.

No further questions.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 6:

My lord I just have a short question to this witness in Court here. When we left Tonduma you said someone was arrested, James Chirwa and Magaz. Did you make any mention that you and I turned back?---Oh I was not making a mistake, yes my lord I did.

Am I now correct in saying that the first time I saw you I saw you in Southern Rhodesia when we were arrested by the police? Am I correct in saying so?---No.

NO FURTHER QUESTIONS.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 7:

My lord may I make a request to this Court, that the witness should just reply to the questions put and nothing else. BY THE COURT: Yes - don't repeat questions that have been put before.

You have said, when being asked by a certain man here in Court, that you were trying to get him into difficulty, and you said to this effect that it was a serious case. Do you know it to be a serious case? My lord, I am putting this to the Court, the witness has taken an oath the evidence that he is about to give, that it will be the truth. He talks about what he knows. My question to the witness is this: you were asked by one of the members here certain questions, and you were asked, you said that the case was a serious case. Do you know that?---I said my lord this was a case that was as soft as fat. That was my reply.

You must reply to my question. Do you know the seriousness of this case?---I never said so, that is my reply. I said the case was not one of fat, my lord. Those were my word.

What have you to prove to this Court that you were a member of this organisation?---Because I am here.

My lord, the witness does not reply to my questions. I must ask that the Court insists.. assists me.

BY THE COURT: (to accused No. 7)

How must I assist you? He says he has come here to tell you under oath what he knows about the case. He has produced a document here, he does not say that you were in Abyssinia, but he has produced a document here to show that he was over there. And the document was shown to you, and he says at the time he was there, exercising the right under that document, you were there too. That is what he told me.---My lord, this man is only speaking in regard to the charge we are facing, and I am entitled to ask him these questions.

INTERPRETER: He puts the same question again, what proof has he to show to this Court that he is a meber of the organisation.

BY THE COURT:

Yes, you have asked that question, and he has answered it. Next question.

(Accused says somethingin his language).

BY THE COURT:

I am not going to tolerate any cheek from you. I can understand your language and you are doing your case no good by being impertinent. You are there to ask him questions, if you wish to, and he is there to reply to them. And I shall decide if you have gone far enough, if you persist in putting the same questions over and over again.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 7 (continued)

You say when you arrived at Dar-es-Salaam did you get to the office of the Trade Union?---Yes.

Now who told you about the Officesof the Trade Union?---My lord, we were told by the people that we found there on our arrival there.

You say the next morning did we go to the offices of the A.N.C.?

BY THE COURT:

Yes, he has already said that three times now!

ACCUSED NO. 7(continued)

Did we all go there?---We were in groups my lord.

When we got these papers at Dar-es-Salaam, these endorsements, the stamp that they were franked with, did you look at them?--No my lord Idid not.

Did you not say when you got there you did not know where the A.N.C. Offices were?---Yes.

You saw some people that were there?---Yes.

Who did you get to?--I said Oliver Tambo told me, James Radebe and ?

Did you know them from before these people? --- The others I did not know.

Do you say that we were given instructions at Marabi not to put any questions?--Yes.

Do you know my name, and if so, where did you get hold of my name?---You told me your name. At Maraba Hotel in Johannesburg.

Did you ask me for my name?---I did.

As you said thoseinstructions weregiven, or didn't you take any notice of those instructions?--I knew that it was your false name and not your proper name.

I asked my name, where did you get to know my name and you said at Marabi.---Yes I said so. You told me your name, and if I am not mistaken your nick-name is Ismail, your false name.

Where does that come from?--(INTERPRETER: My lord I am in a bit of difficulty here. ( - I am not going to reply to that question, I don't keep your records, I am not going to reply to that.

You say at Tonduma I and No. 4. we got lost?

BY THE COURT:

No he never said you got lost. You were concealing yourselves in the trees, he said.

CROSS)EXAMINATION BY ACCUSED NO. 7 (continued):

Did you see us?--I passed you.

I said let us go back to Tonduma.---I left you there.

DidN't we disappear from you people without being seen?--I said so. You were brought back by the Police Van.

Were we brought to you?--You said so yes. You were brought by Van.

The man does notreply to questions my lord.

BY THE COURT: He has replied to questions. Any further questions?

ACCUSED NO. 7; No further questions.

MR. TERBLANCHE (through theCourt)

Will you just look at this Exhibit and tell me whethe you know it?--I do my lord. I know it.

What document is that?---This is mine.

Where did you get it?--I gotit at Ethiopia.

And what is it? Why did you get it?--This circle here, we were told the distances at 12 o'clock or 8 degrees.

This is the diagram we were given. (Exhibit 8D)

BY THE COURT:

That is for sighting your target?--That is so my lord.

MR. TERBLANCHE (CONTINUED):

And this Exhibit - do you know that?--I don't know. Whose is it.

just read to him what is on it. This thing says Dar-es-Salaam Motor Transport Company Limited. Name: Mr. Rani. Service from Dar-es-Salaam to Mbaya. Date of Travel: 18-1-63. Second class."--That is my bus ticket.

You have told the Court about this person you met in Johannesburg Kandilal Moodie.--Yes.

What nationality is he?---He is an Indian.

In Cape Town when you met Nguhla and he said you had to go to a certain bouse..--Yes.

..where you met him and where he gave you the instructions about going to Johannesburg.--That was at the house of his brother-in-law.

What is his name?---Archibald Sibeko.

Hae you ever seen this book? ---Yes.

Where did you see it?---At Ethiopia.

In whose possession did you see it?--Matthews Makhaliba.

Accused No?---No. 3. (Exhibit 3G).

MR. TERBLANCHE: I have no further questions.

BY THE COURT:

Tell accused No. 3 that this evidence that has now emerged concerning him does not arise out of the cross-examination.---I have a question to put.

Very well, he may put a question concerning the book and the identification of it.

Do you say that you saw that book in my possession At Ethiopia?---Yes.

Is it only thesebooks of Ethiopia that are of the same kind?---That is an Ethiopian one, that one.

How can you see that?---I know because I also possessed one.

Can't one get one elsewhere with the exception of Ethiopia?--I don't know. I am talking of these documents that I know of Ethiopia.

What are you sure by that this document which was shown to you is the one that was in my possession, and that you had seen in my possession at Ethiopia?--I am certain that this document was found in your possession at Bulawayo at the time when we were arrested. Your name is also written in there. Mack M..? the false name. Yes I saw it in your possession when we were arrested at Bulawayo.

At Bulawayo did you know that it was a document which had come from Ethiopia?--I said from Ethiopia. I knew that you were in possession of it, yes.

NO. 3: No further questions.

---

FRIKKIE JOHANNES VAN ZYL, b.v.

VERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE:

Mnr. van Zyl, u is 'n treinkontroleur op die Suid-Afrikaanse spoorweë?---Ja.

En waar is u gestasioneer?---In Johannesburg.

Onthou u die 13de Junie 1962?---Ek onthou van ek die trein planne nagegaan het.

Is dit die trein plan van daardie datum?---Ja.

En dit is vir die trein van waar tot waar?--Van Kaap-

stad na Johannesburg.

Op die13de Junie 1962?---Ja.

Nou het u daar sekere bantoes op daardie trein gehad?---Ek sien hier was bantoes bespreek en daar het twee nie opgedaag nie.

Wat was die name waaronder hulle bespreek was? ---Ek sien dit is Moketsi, Rona, Soza en die ander een is Qmzi.

En u sê van daardie persone het nie opgedaag nie. Watter het nie opgedaag nie?---Daardie Lollu het nie opgedaag nie.

MNR. TERBLANCHE (Geen verdere vrae).

GEEN VRAE DEUR BESKULDIGDES.

-----------

STEPHANUS JACOBUS DELPORT, b.v.

VERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE:

U is n speurderkonstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Pretoria?---Heeltemal korrek.

Op die 20ste Julie hierdie jaar het u vingerafdrukke geneem van die 7 beskuldigdes?---Ek was teenwoordig toe dit geneem gewees het.

Dit was onder u toesig?---Onder my toesig.

Sal u net hierdie bewysstukke nagaan? Dit is iM, 2L, 3L, 4G, 5F, 6B, en 7E. en net sê of dit die vingerafdrukke is wat onder u toesig geneem is?---Korrek u Edele my handtekeninge en datum is onderaan aangebring.

En u het dit op die 12de Augustus 1963 aan mnr. Nieuwoudt..---van die Bewysburo oorhandig.

GEEN KRUISVERHOOR DEUR DIE BESKULDIGDES NIE.

-------------

DIE VOLGENDE GETUIE, ALFRED JANTJIES WORD DEUR DIE HOF GEWAARSKU, EN 'N VRYWARING WORD AAN HOM BELOWE INDIEN HY DIE VRAE BEVREDIGEND ANTWOORD.

ALFRED JANTJIES, b.v. (praat Afrikaans. Word deur mnr. Dearlove aan beskuldigde nr. 3 in Engels getolk).

VERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE:

Alfred, is jy op die oomblik in die gevangenis? ---Ja.

Dien jy n vonnis uit?--Ja.

Hoelank is die vonnis?---Twee jaar.

Waarvoor het jy die vonnis gekry?---Omdat ek die land verlaat het sonder n paspoort.

Wat het jy gepleit op daardie aanklag?---Ek het skuldig gepleit.

Hoever is jy geleerd?--Std. 1.

Waar was jy op skool?--In die Paarl op skool.

Voordat jy die land verlaat het sonder n paspoort waar het jy gewoon?---Ek het in die Kaap gewoon.

Watter plek in die Kaap?--In Lange East.

Nou ken jy n organisasie bekend as die African National Congress?---Ek weet van hom.

Was jy n lid van hom gewees?---Ek was voorheen in die Football Club, toe gaan ek oor in die African National Congress Youth League.

Ken jy ook vir Isak Rani?---Ek ken hom baie goed.

Sal jy die Hof sê hoe dit gebeur het dat jy die land verlaat het, van die begin af.---Daar het eens op n tyd n man gekom met die naam van Mcumbela.

Wanneer omtrent was dit? Wat hy by jou gekom het? --Vroeg in Meimaand.

Van watter jaar?--Van 19 62.

Ja?---Dit was in n yard gewees. Toe kom hy by my en vra of ek by die football gewees het. Toe sê ek nee ek het nie gegaan nie, ek het laat van die werk gekom.

Dit is nie nodig om die hele gesprek te gee nie. --Toe vra hy vir my noever is ek geleer? Toe sê ek vir hom ek het standerd een gemaak. Toe vra hy vir my as ek nog miskien n skool plek kan kry, of ek sal dit aanneem, toe s ê ek ek het nie die geld nie. Toe sê ek as ek dit kan kry sal ek dit aanneem.. verniet skool. Toe sê hy later sal daar skole oopgaan vir die wat nie geleer het nie, die jongelinge. Toe was ek baie bly gewees.

Is julle daarop uitmekaar?--Toe gaan ons uitmekaar.

MR . TERBLANCHE TELLS THE COURT THAT MR. DEARLOVE COULD NOT BE FOUND AND ACCUSED NO. 2 HAS NOT BEEN ABLE TO FOLLOW THE EVIDENCE. THE COURT SUMS THE EVIDENCE UP AND ADVISES ACCD. NO. 2 WHAT HAS TRANSPIRED. THE COURT ADJOURNS TO ENABLE AN INTERPRETER TO BE FOUND TO TRANSLATE INTO ENGLISH FOR THE BENEFIT OF ACCUSED NO. 2.

COURT ADJOURNS.

ON RESUMING:

BY THE COURT:

You can tell the accused as there is no interpreter available today, the interpreter will onlybe available tomorrow at 10 o'clock, I propose adjourning this case now until that time.

COURT ADJOURNS UNTIL 10 a.m.
on the 25th SEPTEMBER
1963.

ON RESUMING AT 10 a.m. on the 25th SEPTEMBER 1963.

ALFRED JANTJIES still under former oath:

VERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE (CONTINUED):

Alfred, ons het gister gekom waar jy ons vertel het dat Mcumbela met jou gepraat het die eerste keer, in die begin van Mei 1962.--Dit is reg.

Daarna het hy weer met jou gepraat oor dieselfde onderwerp?---Daarna het ek hom weer gekry in die straat, toe het ek hom gevra, ek is ernstig oor die skoolgaan, wanneer sal die tyd aanbreek dat ek moet skooltoe gaan.

Ja?---Toe het hy my geantwoord en gesê ek moet wag hy sal my weer later kom sien.

En daarna?---Daarna het dit so n tydjie gebly. Toe kom hy later na my, toe vertel hy vir my hulle het nou die regte maand gekry, June maand, maarhy het nognie die regte datum vir my nie.

Goed. Toe Juniemaand wat gebeur toe?---Toe June maand toe kom hy een aand daar, toe was ons besig met kaarte by n ander huis, toe laat roep hy vir my met my broertjie.

Vir jou alleen?--Nee vir ek en Rani.

Wat gebeur? Het julle toe na hom gegaan?---Toe het ek gekom na hom toe. Daar toe sê hy vir ons daar is mense wat ons wil sien. Toe neem hy ons na die mense toe.

Waar was dit toe gewees?---Dit was omtrent daar by sy huis.

Naby sy huis?--Ja.

Maar nie in sy huis nie?---Nee dit was nie in sy huis nie.

En toe, wat het daar gebeur?--Toe kom ons daar by die ander huis, daar was twee mense in gewees. Hulle het vir ons gevra watter standerd ons op skool gemaak het. Toe het ons

hulle verduidelik. Hulle het gesê 'Ja dis goed'.

Toe is julle weg?--Toe is ons weer terug.

Wat gebeur weer daarna?---Daarna het hy weer gekom toe sê hy vir ons die Maandagaand, dit was nog June maand, dat ons nie moet rondloop nie, hy wil ons graag sien. En toe weer daarna, toe het hy by ons gekom, die Dinsdagaand, toe sê hy ons moet 6uur bymekaar wees, sodat ons hom 6uur by sy huis kan kry, dat hy vir ons kan wys na watter huis toe moet ons gaan.

Ja?--Ons het toe gegaan die Dinsdagaand na sy huis toe, en daar van sy huis het hy ons geneem na Archie Sibeko se huis toe.

En is julle toe wes?---Ons is toe weg na Archie Sibeko se huis toe.

Is julle toe die volgende oggend na Archie Sibeko se huis?---Die volgende aand. Dit was die SDinsdag aand wat ons toe na Archie Sibeko se huis toe gegaan het.

Goed, wat gebeur daarna?---Daarna toe kom ons weer terug van Archie Sibeko se huis die aand, toe kom ons weer terug. Toe sê hulle die oggend 5 uur moet ons vroeg by Archie Sibeko se huis wees.

Het julle toe gegaan die volgende oggend?---Ons het toe die volgende oggend vroeg gegaan met ons case.

En wie kry julle by Sibeko se huis?--Toe ons die oggend daar kom toe kry ons vir Nguhla.

En julle het toe instruksies gekry van Nguhla?---Ons het toe instruksies gekry.

Wat was die instrukies?---Nguhla het vir sy vrou bevele gegee dat sy moet vir ons swart ties gee en swart armbelde en sy het dit vir ons gegee.

Ja?--En toe gee Nguhla nog vir ons elkeen £1.6.0.

Toe het Nguhla vir die vrou gesê dat die vrou moet vir ons ons padkos regmaak. En toe het die vrou vir ons padkos ingepak en vir ons gegee.

Ja?--En toe sê Nguhla ons moet maar na die huurkarre toe gaan wat ons na die stasie Bellville toe neem. En toe gaan hy na die Kaap toe om vir ons te gaan inboek by die trein. Toe vat ons huurkarre na Bellville toe. En toe het ons hom daar gewag. Hy het ons gesê ons moet hom n tydjie daar wag. Ons het daar gewag en later toe kom hy aan, voor die trein wat ons moet ry.

Waarmee het hy gekom?---Hy het met n trein gekom van die Kaap.

Ja?---Toe sê hy vir ons ons moet kyk, hier sal netnou n trein kom. Ons moet kyk, daar sal kaartjies buitekant hang wat die name het van Rona, SoZo, Mzwake (?). En toe het hy n pakkie tien gekoop, en in die pakkie tien het hy die adres gegee van Johannesburg.

Pakkie tien - pakkie tien wat?--n Pakkie tien sigarette. Toe het hy gesê miskien as daar nie iemand uitgedaag het nie, moet ons die adres neem na daardie plek toe.

Ja?---En toe het die rêrig nog so gekom..

Het julle kaartjies gehad vir die trein?--Ja, hy het vir ons die kaartjies van die Kaap af gebring.

En het die trein gekom?---Die trein het toe gekom.

En het julle die name gesoek?--Hy het gesê ons moet help kyk, en gelukkig toe kry hy weer die name.

Toe is julle in die trein weg?--Toe is ons in die trein.

Op pad het jy enigiemand gesien wat jy ken?--Op pad het ek iemand gesien wat ek ken, maar voor ek weggegaan

het van die plek het ek my broer ontmoet. My broer het gegaan vir ʼn ander saak, getuienis gegee in die Kaap.

In elk geval, jy het jou broer ontmoet, en toe het julle gery?--Toe het ons gery.

En op pad?--Op pad het ek my skoonsuster gekry.

Waar?--Op de Doorns.

Het sy na die trein gekom en julle ontmoet?--Ek het vir my broer gesê..

Ja toemaar wat jy gesê het toe. Jou skoonsuster het gekom na die trein?--Sy het gekom na die trein.

Het sy jou iets gegee?---Sy het my iets gegee.

Kan jy onthou die datum wat julle gery het van die Kaap af?---Ek kan dit onthou.

Wat was die datum?--Dit was die 13de Junie.

Van 1962?---Ja.

Toe kom julle op Johannesburg aan uiteindelik?--Ja.

En wat gebeur daarso?--Ons het in Johannesburg gekom by Park Station. Voor ons in Johannesburg gekom het het ons die tie aangesit. Wat ons op die stasie kom, het ons afgeklim. Hy het vir ons beveel gegee dat ons moet ʼn bietjie staan, daar sal ʼn man by ons kom, hy sal ons sommer aansien aan diedaste en die armbelde.

Goed. Julle het daar gestaan op die stasie nê?--Ja.

Wat gebeur toe?--Ons het daar ʼn rukkie gestaan toe sien ons daar daag nie iemand op nie. En toe het ons ʼn stasie polisieman gevra waar ons huurmotors kan kry. Toe het hy uitgegaan en ons gewys waar ons huurmotors kan kry.

En julle is met ʼn huurmotor na die adres toe wat julle gehad het?---Ja.

Toe julle daar kom het julle ingegaan by daardie plek?--Toe ons daar kom toe het twee van ons ingegaan, toe isdit Isaac Rani en Goodman ?.

DEUR DIE HOF:

Wat het hulle gedoen?--Hulle het toe ingegaan by die winkel om met die eienaar van die winkel te praat. Toe bly ek by die tas op die stoep.

MNR. TERBLANCHE (VERVOLG):

Maar jy is toe ook later in?--Later gaan ek in.

En het iemand julle daar kom haal?---Daar het iemand ons daar kom haal.

Wie was die persoon?---Die persoon het daar by ons gekom na n baas daar by ons gewees het.

Ja maar die persoon, kan jy onthou wat sy naam is? --Ek kan dit onthou.

Wat was sy naam?---Sy naam was gewees Kumalo.

En waar het hy julle heen geneem?--Hy het ons geneem na die Marabi Hotel.

Hoe het hy julle geneem?--Hy het met ons met n huurmotor soontoe geneem.

Nou by die Marabi Hotel, was julle daar ingeboek gewees?---Wat ons daar kom het hy..ek weet nie of dit die eienaar van die Hotel gewees het, na n vrou toe gegaan,e n gesê sy moet vir ons drie bedde gee en vir ons n kamer gee, en kos. Daar sal iemand kom wat betaal vir ons.

En julle is toe n kamer gegee?---Toe kry ons n kamer.

Het iemand anders julle kom besoek daar?--Iemand anders het ons gekom besoek.

Wie was dit?---Sy naam was gewees Joe Modise.

Was julle gesê gewees deur enigiemand, as julle gevra word wat julle daar doen, wat julle moet sê?--Wat ons

in die Hotel bly?

Ja.---Ja.

Wat was julle gesê?---Ons was vertel as iemand ons vra waarvoor ons hier is, dat ons moet sê ons is n football team.

Wie het dit vir julle gesê?--Dit was gewees Joe Modise.

Nou daar by die Hotel, het jy ander mense ook daar ontmoet?---Ja by die Hotel het ek ander mense ontmoet.

Het jy enige van die beskuldigdes daar ontmoet?--- Van die beskuldigdes het ek daar ontmoet vyf.

Sal jy net wys watter vyf ?--Van Nr. 3 af tot na Nr. 7 toe.

Nou hoelank het julle daar by die Hotel gebly? ---Ek dink ongeveer 3 weke.

Nou toe julle weg is van die Hotel af, waar het julle toe heen gegaan?---Toe ons van die Hotel af weg is, toe word ons geneem na n lang huis, n doublestorey huis.

Hoe het julle daar gekom?---Ons het met die voet soontoe gegaan.

En die huis, is hy naby of ver van die treinspoor? ---Hy is ook nie naby nie ook nie te ver nie, net n goeie distansie.

Moet jy oor die treinspoor gaan?--Oor die treinspoor met n voetbrug.

Ek sien. Wie het julle geneem daar na daardie huis?---Wat ons geneem het, dit was Elias gewees.

Ken jy sy van?---Nee, ek ken hom net op die naam van Elias.

En toe julle daar by die dubbel-verdieping huis kom, wat gebeur toe?--Wat ons by die dubbel-verdieping huis

kom toe sien ons daar is n klomp manne.

Het julle ingegaan in die huis?--Ons het ingegaan in die huis in.

Bo of onder?--Ons het bo opgegaan.

Toe sien jy daar is nog ander manne?---Toe is daar nog ander manne.

Hoeveel omtrent?---Ek kan toe nie geskat het, want dit was op n hoop bymekaar gewees.

Hoeveel was julle toe almal gewees, kan jy skat? --Ek kannie skat hoeveel ons almal in die huis was. Ek kan sê hoeveel ons daar van die huis af vertrek het.

Nou goed - was dit die aand wat julle na die huis gegaan het?--Dit was die aand gewees.

En het julle later dieselfde aand weer vertrek van die Huis?--Ons het later dieselfde aand weer vertrek van die huis af.

Hoe het julle vertrek van die huis af?---Wat ons uit die huis uitkom toe sien ons daar staan twee kombis en een paneelwa.

Ja?--Toe word ons daar ingelaai.

Wie het gesê julle moet inklim?--Ek kan maar nou regtig nie sê nie - ek het maar net gesien die mense loop toe moet ons ook maar loop

Ek sien. En het julle almal ingeklim?--Ons het toe almal geklim.

In watter een het jy gery?--Ek het in die een gery wat die twee van die vantjie was. Ek was in die middelste een wat ekin gery het.

In n kombi?---In n kombi ja.

Nou sal jy ons vertel hoe julle gery het, en waar julle heen gery het?

DEUR DIE HOF:

Hoeveel van julle was toe in die voertuie?---Ons was omtrent, die mense wat ingelaai was was gewees 32, wat oor die grens moet gaan.

VERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE VERVOLG:

Het julle toe geweet julle moet oor die grens gaan?---Ek het nie geweet waarheen toe gaan ons nie.

Toe ry julle?--Toe ry ons.

Sal jy netdie Hof vertel wat gebeur het oppad?--Toe ry ons. Toe ons nou n goeie distansie gery het, toe kom ons deur n dorpie. Ek ken nie die dorpie nie. Daar het ons n traffic ontmoet.

n Traffic?---Ja.

Het hy julle gestop?---Hy het toe die vantjie voor ons gestop. Hy het gepraat met die vantjie, ek kon toe nie gehoor het wat hy gesê het vir die vantjie nie, en toe is ons weer later aan verby met die pad.

Toe ry julle weer verder?---Toe ry ons weer verder.

Goed, wat gebeur nog?---Ek kan nie meer onthou hoe was dit, maar n goeie distansie, toe raak die vantjie se ligte voor, toe raak hulle uit.

En toe?--Toe vat hulle die vantjie, toe sit hulle die vantjie in die middel, toe ry ons kombi heel voor.

Ja goed en toe?--Ons het toe gery en gery. Later van tydtoe hoor ek die vantjie het uit die pad uit gehardloop. Toe stop hulle ons met ligte, toe sien ons daar stop hul. Toe praat een van ons, ek kannie sê wie dit is nie. Toe stop hy. Toe stoot ons terug, toe kom help ons die vantjie in die pad in te druk, toe gaan ons weer vorentoe. Toe ry ons en ons het gery, ons het gery en gery, toe is daar n plek, daar

is sulke huise, en oor die pad is n paal wat oor die pad dwarslê. Ons was baie naby hierdie paal toe ons stilhou. Net so n rukkie na ons stilgehou het toe sien ek hier kom Joe Modise.

Dieselfde man wat jy daar by Murabi ontmoet het?--Ja. Hy was toe saam met ons tot daar. Toe kom hy vir die driver sê 'Jong jy weet jy mag nie gery het tot hier. Dit is mos nie die eerste keer wat jy hiernatoe ry nie. Hoekom hou jy hier stil'. Toe het die driver gesoebat, toe stoot hy weer die kombi agteruit.

Ja?---En toe sê hulle ons moet ons goed in een kombi inpak.

Is dit nou julle bagasie?--Ja. Toe pak ons dit ~~oor~~ in een kombi. Toe lei hulle ons deur die boste.

Wie lei julle deur die bosse?---Dit was Joe Modise. Ons het daar deur die bosse gegaan. Daar was nog n paar van Bloemfontein klein kindertjies, een het gehuil. Toe gaan ons daar deur die bosse. Ons het lank geloop en die oggend omtrent 5uur, ek het nie die tyd dopgehou hoelaat was dit nie, toe kom ons by n plek wat die naam van Lobatsi is.

DEUR DIE HOF:

Wat het jy gesê van mense van Bloemfontein wat gehuil het?---Daar was party kindertjies van Bloemfontein wat ook saam met ons in die pad was.

VERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE (VERVOLG):

Ja, nou is julle in Lobatsi. Wat gebeur daar?---Toe kom ons by n huis..

Sê net vir my, net voor ons verder gaan. Jy het nou gesê julle het gegaan na die dubbel verdieping huis. Wie ..was enige van die beskuldigdes saam met julle toe jul gegaan het na die dubbelverdieping huis?---Al vyf van die

beskuldigdes was saamgewees.

Die vyf wat jy uitgewys het?--O wat saam met ons gegaan het?

Ja. ---Nr. 1 is voor ons soontoe.

Nee maar wat saam met julle gegaan het was 3, 4, 5, 6, 7?---Ja.

En hulle is ook saam met julle oor die grens na Lobatsi?---Ja.

Goed, nou is julle in Lobatsi.---Toe ons in Lobatsi kom toe kom ons by n huis wat n afdak het. Ons was te baie gewees vir n huis wat n dak het, toe was daar vuurgemaak en ons het bietjie warm gemaak want dit was koud gewees, winter. Toe gee hulle vir ons kos. Na ons geëet het het hulle gesê naderhand ons moet maar die trein neem, dit sal omtrent eenure daar kom, dan moet ons maar die trein neem naPalapye toe.

Wie hetvir julle kaartjies gegee vir die trein?---Een wat vir ons kaartjies gekoop het was Jack.

Kan jy sy eerste naam sê?---Ek kannie sê of sy naam Joseph Jack is maar ek het hom altyd op die naam geken van Jack.

En het julle toe die trein geneem?---Hy het toe kaartjies gekoop en toe vat ons die trein.

Na Palapye toe?--Na Palapye toe. Toe ons op Palapye kom ons het in die nag by Palapye gekom, omtrent so by 2uur. Toe kry ons n lorrie daar. En toe het Jack en Johnny Makatini, toe het hulle met die manne van die lorrie gepraat, en toe laai die man ons in die lorrie. Toe neem die man van die lorrie ons na die huis van Mpo en daar kom ons ook by n huis wat nie n dak het nie. Daar het ons ook gebly tot die anderdag oggend. Die volgende dag toe verdeel hulle ons.

Ja?· --- ʼn Klompie daar en ʼn klompie daar.

By verskillende huise, is dit wat jy bedoel?---By verskillende huise.

Ja?--Die dag daarna toe neem hulle ons daar waar ons almal bymekaar moet wees by een plek.

Ja?---En daar het ons bymekaar gekom. Daar het ons ook ʼn aand geslaap, en toe het hulle met ʼn ander man gepraa' dat ons ʼn ryding moet kry daarvandaan af na Francistown toe.

Ja?--Voor ons by Francistown kom toe sê hulle, toe hoor ek die drywers sê 'dis nog net ʼn myl dan is ons in Francistown.' Toe kry ons ʼn pad wat uitdraai op regterkant, toe draai ons regs uit, toe ry ons net ʼn klein distansie van die pad uitdraai, toe hou ons stil. Toe laai hulle ons af, toe sê hulle ons moet daar in die bosse bietjie vertoef. Toe het ons in die bosse bietjie vertoef. ʼn Goeie tyd daarna toe sien ons hier kom ʼn lorrie en na dit toe sien ons hier kom Joe Modise.

Ja?--Wat hulle daar bymekaar toe sal ons sien hier is Joe. In die lorrie wat ek gesien het, toe is daar twee manne.

Wie is hulle?---Dit was gewees, een was gewees James Chirwa.

Is hulle hier?--Dit is nr.2. En die ander een wat saam met hom gewees het, sy naam is nou net uit my kop uit.

Jy kannie sy naam onthou nie?---Nee.

Wat gebeur toe?---Toe kom Joe Modise - hy het vir ons geld uitgedeel, elkeen £11 gegee. Toe sal ek hoor dat hy sê, vir die eerste keer wat ek dit gehoor het, toe hoor ek hy sê "Ek sal eers rus wanneer julle Tanganyika gehaal

het." Toe sal ek vir die eerste keer weet waar gaan ek dat ek na Tanganyika toe gaan. En toe sê hulle elkeen moet sy geld hou as daar miskien dinge kom dat hy kan weghardloop.

Nou goed. Is julle toe weg daar van Francistown? ---Ons is daarvanaf weg, toe later weer.

Waarmee is julle weg?--Met ŉ lorrie.

Waarheen is julle toe heen?---Toe gaan ons by ŉ plek by ŉ hoteltjie, dit is so ŉ klein hoteltjie, Masolundji.

Ja?---Daar het ons oorgeslaap die aand. Die volgende dag omtrent so 2 uur toe kom daar twee drywers van oorkant die rivier. Toe soek hullemense wat Bulawayo toe wil gaan. Toe het die leier van ons met hulle reëlings gemaak dat hulle ons geneem het, toe is ons oor die rivier in Bulawayo se grens en toe kry ons daar twee drie-kwart vantjies. Toe word ons daarin gelaai.

Waar ry julle toe heen met hulle?---Toe ry ons Bulawayo toe. Toe kom ons in Bulwayo omtrent bietjie later as 8 uur. Toe is die trein wat ons moet geneem het van Bulawayo na Lusaka toe, toe is hy net weg.

En toe?--Toe wil ons ŉ bietjie vertoef op die stasie, toe sê hulle ons kannie op die stasie vertoef nie want ons het nie kaartjies om hier te slaap nie. Toe het een van ons ŉ plan gemaak dat hy ŉ slaapplek vir ons in die hande moes gekry het. Toe het hy ŉ slaapplek gekry by ŉ hotel.

Wie was die een, kan jy onthou?---Ek kan nou nie goed sê wie dit was nie.

Ek sien. Toe het julle gaan slaap by die hotel? --Toe slaap ons by die hotel.

Die volgende dag?---Die volgende dag toe kry ons

Members van Zabo. Hulle het ons geneem na die stasie anderkant Bulawayo, die stasie se naam is Mpompo, soiets.

Ja?---Daar het Looi(?) hy het daar die geld van ons collect, elkeen se kaartjie, toe koop hy ons almal se kaartjies.

En het julle dietrein daar gehaal op daardie stasie?--Ons het die trein daar gehaal.

En toe het julle gery na Lusaka?--Toe ry ons na Lusaka ja.

Wat gebeur toe op Lusaka?--Toe ons op Lusaka kom op die stasie een ding wat ek gemis het - Joseph Jack en Johnny Makatini hetomgedraai saam met Modise. Wat ons op die stasie kom, toe sien ons hier is die mense op die platform.

Watter mense?---Die Joseph Jack en John Makatini.

Is hulle weer op Lusaka op die stasie?---Toe is hul voor ons daar op diestasie.

Ja?--Daar het ons ṇ tydjie vertoef. Toe sê hulle die aand hulle gaan vir ons ṇ voertuig kry wat ons kan neem na dieplek waar ons na toe gaan, na Tanganyika toe. En toe kry hulle een, dit was ṇ drie-kwart vantjie gewees. Toe gaan ons deur die dorp gekom by ṇ garage. Daar het ons ons case in die vantjie gelaai, en toe is dit net omtrent genoeg vir die case. Toe is die van amper vol van die case. Toe sê hulle ons moet probeer ingaan. Toe gaan ons in. Toe press ons mekaar. Toe sê hulle ons moet staan die een op die ander, toe sien hulle ons kannie want dit is ṇ groot getal, 32.

Ja?--Toe klim ons maar weer uit die vantjie uit, toe gaan ons weer na die stasie toe. Daar het ons by die stasie weer geslaap. Die volgende dag toe gaan soek hulle ṇ

groot lorrie, ṇ 5 ton trok. Omtrent so 2 uur kom die lorrie Belt 16 by ons toe het hy ṇ drom petrol op en ṇ drom water op. Toe is ons op die lorrie geneem.

Waar ry julle toe heen?---Toe gaan ons na die plek Tanganyika toe.

Wat is die volgende plek waar julle aangekom het? --Tunduma.

Is dit op die grens?--Ons het duskant die grens gekom, toe klim ons daar af, toe het ons met die voete daar oorgeloop. Toe het daar ṇ man by ons gekom met waterskoene, hy het ons gelei na die plek Tonduma toe.

En toe?---Toe kom ons in Tonduma. Toe gaan Jack en John Makatini die office van Unip toe. Hulle het toe reëlings gehad daar, toe roep hulle ons almal bymekaar toe gaan ons ook in die office. Toe vra hulle waar ons vandaan kom, toe het die leiers van ons gesê waar ons vandaan kom. ṇ Rukkie daarna toe kom daar ṇ ander man by ons. Hy was private aangewees. Toe praat hy met hulle met die leiers, toe het ek nie gehoor wat hy gesê het met hulle nie. Na hy weg is toe sal ek hoor dit was ṇ polisieman gewees wat by ons is. Toe wil die polisieman weet of ons paspoorte het, of wat ..was ons by die Immigrasie, ek weet nie wat alles nie. Toe sê hulle nee. Toe sê hy 'nouja kyk ons sal julle moet guard met polisie hierso.' Toe het die polisie oor ons waggehou daar. Ons het probeer die nag daar slaap, en toe in die nag kom die polisie ons wakkermaak. Toe neem hulle vir ons na ṇ ander klein hoteltjie toe. Daar het ons die nag geslaap.

Ja?---En die volgende dag toe kom ṇ polisie lorrie by ons. Hy het ons toe daarvanaf geneem na die plek Mbeya toe.

Toe ons in Mbaya kom toe kom ons by n polisiekantoor. Toe sê hulle ons moet n tydjie in die polisiekantoor staan hulle sal uitvind of die mense wat ons na toe gaan, of hulle weet van ons. En toe het ons daardie tydjie vertoef, en naderhand toe kom hulle weer en laai ons in die selfe lorrie in, toe neem hulle ons weer na n ander kamp toe. Daar het ons omtrent so 3 dae gebly.

Ja?---Later kom dieselfde polisie weer vir ons neem na die busstop toe, vanMBaya. Toe kom ons by die busstop toe was ons ingelaai in die bus in.

Waar gaan julle toe heen?---Nou gaan ons Dar-es-Salaam toe. Toe ry die bus met ons, toe kom die bus met ons in Dar-es-Salaam.

Ja?---Toe het ons n vrou ontmoet daar met die naam van Mrs. Khabanisa; toe het sy n paar van ons geneem glo na die office toe, en n paar van ons is toe met ander voertuie na ander huise geneem. Daar het ons bymekaar gekom by die huise waar die groep ons geneem het. Ek myself was nie by die span wat gewees het na die office toe.

Ek sien. Hetjulle toe almal by die huis bymekaar gekom?---Ons was almal by die huis.

Die hele groep---Ja.

Insluitende die beskuldigdes?--Ja almal.

Watter almal nou?--Van nr. 2 af.

Van nr. 2 tot nr. 7?---Ja.

Goed, wat gebeur verder?---Die volgende dag toe sien hulle die huis is te klein daar waar ons almal in woon, toe neem hulle ons na die huis by Mrs. Khabanisa. Dit was n groot huis gewees. Daar het ons gebly. Daar het ons ook omtrent 3 weke gebly, en toe word ons geneem na die plekke waar hulle ons ent vir pokkies.

Sê vir my voor jy daarby kom, het enigiemand julle besoek daar by die huis waar julle gebly het?---Ja.

Wie het julle daar besoek?---Dit was gewees Oliver Tambo.

En nog iemand anders?---En James Radebe.

En nog iemand?---Later toe kom Tennyson Makiwane ook gekom.

Nou sê jy is julle geneem na die plek waar julle geënt word?---Ja.

En is julle geënt?---Toe word ons vir yellow fever en goed ingespuit.

En het julle toe n sertifikaatjie gekry vir die inenting?--Ja.

Sal jy net kyk na die twee sertifikaatjies hier en kyk of jy hulle ken?---Dit is net hulle.

Is dit die sertifikaatjies wat jy gekry het. (<u>Exhibits 9B and C</u>). Nadat julle ingespuit was, wat gebeur toe?---Toe neem hulle ons af toe sê hulle ons moet offices toe gaan dat hulle kan vir ons paspoorte maak.

Watter office is dit?---Immigration Office.

Ja?--Toe het ons gegaan en toe maak hulle vir ons paspoorte.

Was jy afgeneem vir die paspoort?--Jack het ons afgeneem vir die paspoort. Dit was op n Sondag gewees. Toe eet ons, en toe kom Oliver Tambo by ons en Tennyson Makiwana en Radebe. Hy het nie gepraat, hy het net so gemaak, en roep hy ons eenkant toe. Daardie een wat so gemaak is by hom dan moet hy gaan na hom toe. En toe sê hy "Kyk, môre jy gaan vertrek. Jy moet nie jou maat sê, al slaap hy saam met jou langs jou. Jy moet net stilletjies opstaan en dan moet jy uitgaan."

Het jy toe al jou paspoort gehad?--Toe was al my paspoort by my.

Sal jy kyk na hierdie dokument en sien of jy dit ken?---Dis net hy, my paspoort wat ek mee getravel het. (Bewysstuk 9A).

Nou wat gebeur toe die volgende oggend?--Die volgende oggend 5 uur toe staan ons maar vroeg op, elkeen het maar opgestaan. Toe sal ons uitvind wie en wie gaan, eers die oggend toe ons bymekaar kom.

Hoeveel was dit toe?---Toe was ons in n som van 15.

Nou wie was dit almal gewees? Ek wil nie al die name hê nie - dit was jy gewees?---Dit was ek gewees.

Was Rani een?--Rani was een.

En was van die beskuldigdes by?--Dit was van nr. 3 af tot by nr. 7 almal by.

Wat het van nr. 2 geword?---No. 2 het nou agtergebly.

Goed, waar gaan julle toe heen, toe julle nou opgestaan het?---Toe staan ons op, toe wat ons in die teerstraat kom, toe kry ons n kar. Toe is dit Oliver Tambo en toe is dit Tennyson Makiwane. Toe word n paar van ons in die kar gery na die Office toe.

Watter office?--Na Tennyson se huis.

Ja?---En toe het ons daar gekom. Hy het ons so halfpad gaan haal tot ons bymekaar almal is.

Ja?---Wat ons daar kom toe sê hulle vir ons 'Kyk, julle gaan vandag weg. En daar waar julle gaan, julle moet respek hê, en hier is een wat nie saam met julle sal gaan nie.' Ons het toe nie die rede gevra wat die rede is

hoekom hy nie saam met ons gaan nie, want dit was ons voorgeë ons mag nie vra nie, ons moet nie nuuskierig wees nie. En toe het ons ook maar net stilgebly en gehoor. Toe kry ons nou broeke, skippers. En toe praat hulle nou met die een wat nie moet gaan nie, en toe is ons 14 van die huis af na die bus stop toe. Toe word ons gelaai in n bus in. Toe bly die een agter. Toe neem die bus ons na die plek Nairobi toe. Toe kom ons in Nairobi. Daar het ons nog n ander 5 ontmoet.

Toe is julle19?--Toe is ons daar 19.

Ja?--Toe hoor ek met die leier van ons daar hulle het n dinges gekry hiersal een weer kom, ons sal 20 bymekaar wees voor ons Nairobi verlaat. Daar het ons n tydjie gebly, ek kan nie meer so goed onthou hoeveel dae nie. Ons was darem nie baie lank daar nie. Toe sal ons sien nr. 2 hy het gesê hy het met n aeroplane gekom van Dar-es-Salaam af. Toe is ons 20 bymekaar. Toe vat die leier van ons, na ons bymekaar is,..

Sê vir my, nr. 1 was hy ooit by julle?--Ons het hom in Nairobi gekry.

Het hy daar by julle aangesluit?---Hulle het vir ons daar by die busstop kom haal.

Wie?--Nr. 1.

Ek sien; hy het julle by die busstop kom haal?--Ja.

Ja en toe?--Toe neem hy ons na die plekke toe, daar waar ons kan slaap, hotel. Daar het ons vertoef tot nr. 2 by ons kom aansluit het. En toe kom die leier van ons MacDonald Masala, hy het die paspoorte van ons bymekaar geneem toe gaan hy weg. Ek weet nie waar het hy gegaan nie. Maar toe die paspoorte by ons kom toe het hulle n stamp.

Sal jy net kyk en wys watter stamp hy toe gehad het?---Hy het net die stamp gehad.

Goed, wat gebeur toe verder?---Toe het ons daar vertoef en toe die Saterdag oggend, tenminste dieVrydag-aand toe vertel hy ons 'Kyk môreoggend gaan ons vertrek. Ons moet omtrent sewenuur moet ons daar wees' hy weet toe waar moet ons wees. Toe het ons ook maar ons goedjies by mekaar gemaak wat ons gehad het, en na die plek toe gegaan daar waar hy gesê het daar waar ons 7uur moet wees. Toe het ons ŉ bietjie daar vertoef, toe kom ŉ Kombi by ons. Toe laai hulle vir ons in die Kombi in. Toe gaan ons na die vliegvelde toe, airport.

Ja?--Daar het ons bietjie rondgestaan, toe kry ons vorms wat ons moet invul. Die wat nie kon invulnie, ekwas ook een van hulle wat nie kon ingevul het nie, die het maar vir dié gegee wat moes invul, en hulle het toe daar ingevul vir ons. Toe het daar ŉ tyd gekom wat hulle gesê het ons moet nou gaan, daar staan die 'plane, toe het ons na die aroplane gegaan.

Het julle ingeklim in die aeroplane?----Bietjie baie geweier omin te gaan want dit is toe die eerste keer wat ek so ŉ ding naby sien in my lewe.

Ja?--Maar toe ek sien my maters wat ek mee saamgaan, hulleis gewillig, toe moet ek maar net gaan want ek is nou klaar hier.

Toe klim jy ook in?--Toe klim ek ook in.

Goed. En toe?--Toe neem die 'plane ons weg.

Waar gaan sit hy toe weer?---Toe gaan sit hy in Ethiopia in ŉ dorpie, die naam is Da-Bra-Zid. Daar het die 'plane daar geland met ons. Wat ons daar uit die

plane uitkom toe sien ons daar staan ɲ captain. Hy het self sommer gesê "Ek is Captain Mamo."

Ja, wat se taal praat hy met julle?---Hy het toe Engels gepraat.

Ja?---En daar het nog een by hom gestaan, maar hy was private aangetrek. Toe staan daar ɲ Kombi, toe word ons in die kombi gelaai daar. Toe ons by die plek kom toe sien ek maar dit kannie ɲ skool wees nie. Hoe is die skool dan hier? Wat ek reg kyk toe sien ek dit is soldate wat ek hier sien.

Ja?---Later is ons geneem en is vir ons gewys waar ons gaan bly en waar ons goedjies is en later van tyd toe kom hulle by ons met klere. Drie broeke, drie hemde, twee was eners, dit is omtrent so van ɲ donkergroen, en die ander een, die kakie broek en hemp is toe kakie. Toe kry ons ɲ rooi beret, toe kry ons twee komberse.

Ja?---Toe kry ons ɲ paar lakens, twee, en ɲ waterkan, en ɲ band en ɲ jas. Ons het later staalhoede gekry. Daar het ons ɲ tyd vertoef daar, omtrent 14 dae, toe leer hulle ons dril, voetdril.

Voor jy verder gaan, sal jy net kyk na daardie portret?---Dit was een van die wat ons voetdril gegee het. Hy is ɲ lieutenant. (Bewysstuk 2J).

Nou het julle vir ɲ tyd lank voetdril gehad.--Ja.

En toe daarna?---Naderhand toe leer hulle ons hoe om met gewere te werk.

En het julle geskiet ook met die gewere?--Later van tyd toe neem hulle ons na ɲ plekkie en het ons geskiet met die gewere.

En watse gewere was dit alles?---Die eerste geweer wat ons mee geskiet het was ɲ geweer hulle sê vir

hom Aim 1.

Is dit ŉ groot geweer?--Dit is ŉ lang geweer.

En het julle nog ander?---Ons het nog ander gewere gehad. Een so ŉ kortetjie, hulle het vir hom gesê dis ŉ carbine, en toe met rewolwers ook geleer skiet. En toe het hulle daar ŉ masjien gun ook, ek kannie meer sy naam onthou, so ŉ kortetjie, nie ŉ lange nie.

Machine gun. Het julle met hom ook geskiet?---Toe het ons geleer met bomme ook. Maar ek sal dit nie bomme noem nie, dit was pakkies goed, en hulle het gesê dit is T.N.T's.

Wat het julle daarmee gedoen?---Hulle het ons gewys hoe die ding kan werk om ŉ dam miskien te breek.

Om hom te laat ontplof?--Ja.

Nog iets wat julle geleer het?---Soos opklim aan rieme het ons ook gedoen.

Nog iets?---Ons is geleer swem, ons is geleer First Aid.

Nog iets wat julle geleer het?---Toe het ons geleer hoe om die mine bomme te soek as ons kom by ŉ plek.

Ja, nog iets?---Daar is baie meer dinge wat ek miskien vergeet het. Ons het met ŉ groot machine gun ook geskiet, ŉ lange. Ons het geleer hoe om in die veld te loop, ook.

Nou ken jy hierdie bewysstuk?--(aan getuie getoon). ---Ja my Agbare.

Wat is dit?---Hulle het gesê die ding se naam is ŉ 'sketch drawing'. (<u>Bewysstuk 9F</u>).

Was dit aan jou gegee daardie?---Daardie was aan my persoonlik gegee.

Wat moes julle daarmee doen?---Ons was gevat na ŉ

tydjie sommer in n woestyn, weggegooi, en toe ons moet met daardie map loop by die dorpie, die naam is Nazareth, maar voor ons die dorpie ontmoet moet ons die treinspoor ontmoet, dan kom ons duskant die treinspoor, dan kry ons die kamp ons na toe moet gaan.

Julle moes dié ding gebruik om julle pad terug te kry na die kamp?---Dis net so.

Nou goed, is daar nog iets wat jy kan onthou wat jy daar geleer het?--Ons is daar geleer hoe mens met n draadloos kan praat. Daar is nog dinge wat ek miskien nou vergeet het.

Ek sien, was al die beskuldigdes saam met jou?---Van nr. 1 tot nr. 7, ons almal was bymekaar gewees.

Almal hierdie selfde goed geleer?--Almal het dieselfde goed geleer.

Sê my was julle net die goed buite geleer, of was daar mense ook wat vir julle vertel het hoe dit gedoen word?---Voor ons die goed geleer word buitekant, word ons in n klas ingesit, dan word ons daar geleer.

En die taal wat gebruik word?---Hulle gebruik Engels.

Het jy dit verstaan?---Ek is baie swak in Engels, maar ons word gemix - een wat nie kan praat nie moet tussen die klomp sit wat kan praat, wat dit kan verstaan, en na dit, daar by die tent, moet hy dit vir jou verduidelik.

Hetparty van julle ook notas geneem van wat daar gesê word?---Ja.

kan jy enigeen onthou wat nou notas geneem het?---Soos ek sê, om die waarheid te sê, aan ons almal was n exercise book gegee.

En julle moes toe notas neem daar?---Ja.

Nou soos ons wat nou nie kan reg verstaan, skrywe nie, dan vra ons die een wat kan skrywe, dan moet hulle dit vir ons oorskrywe.

Nou, ek wil jou net nog ʼn foto wys - ken jy daardie foto?---Die foto ek ken hom baie goed.

Watse foto is dit?--Dit is ʼn foto, na ons die werk gedoen het, voor ons vertrek het, toe word ons afgeneem.

Is dit in Ethiopia afgeneem?---Ja.

(Ditis Bewysstuk 2J). En wie kom daarop voor?--Ek is ook self daarop.

En die beskuldigdes?---Die beskuldigdes is almal daarop.

Nou hoelank het julle hierdie opleiding ondergaan?---Dit is vir ons 3 maande gegee.

En na die drie maande, wat gebeur toe?--Na die drie maande?

Ja, na die 3 maande om was?--Toe neem hulle vir ons na die dorp toe. Toe word ons klere gekoop. ʼn Broek, ʼn baadjie, ʼn paar skoene, en ʼn hemp.

Ja,?--En ʼn handsak.

Ja en daarna?---Toe ons klaar is, ons het daar ʼn tyd gemaak, ons het Krismis ook daar omgemaak. En toe na dit word ons weer teruggestuur na die plek Dar-es-Salaam toe.

Ek sien. Hoe het julle Dar-es-Salaam toe gegaan?---Ons is met ʼn 'plane gevat van Ethiopia na Dar-es-Salaam toe.

In Dar-es-Salaam wie het julle ontmoet?-By Daar-es-Salaam het ons ontmoet James Radebe, en nog een.

Ek sien?---En toe het hulle ons gery na die office toe.

Na watter office?---Na die office van die A.N.C.daar.

Goed, en daarvandaan?---Van die office toe word ons gevat na ŉ ander plekkie toe, uit die dorp uit. ŉ Ander huis. Daar het ons die tyd daar omgemaak voor ons weer terugkeer.

Hoe het julle toe teruggekeer?---Hulle het by ons gekom, in die dag, dit was die voormiddag gewees. Toe was dit Tennessee Makiwane, en Oliver Tambo, hulle het by ons maar weer dieselfde ding wat hulle gemaak het voor ons vertrek het na Nairobi toe.

In elk geval, van Dar-es-Salaam is julle waarheen? ---Van Dar-es-Salaam is ons na Mbaya toe.

En van Mbaya?--Van Mbaya het ons die bus geneem tot Tonduma.

En wat het daar op Tonduma gebeur?--Ons is gesê as ons op Tonduma kom ons kannie almalmet die bus gaan, ons het nie ŉ paspoort wat kan deurlei anderkant die grens, Noord-Rhodesië se grens nie. Die anders moet afklim, dan moet hulle ŉ ompaadjie vat, dan moet daar een in die bus bly om die goed op te pas. Ons het ook die beveel aangeneem en ons het so gemaak. Wet ons anderkant kom toe wag ons die bus in die pad. Ons het die bus probeer stop maar die bus wou nie stop nie. Toe sien ek die driver van die bus maak net so vir ons en hy is toe voort. En toe het ons maar daar rondgestaan en rondgestaan, ons weet toe nie waarnatoe nie, en toe naderhand sal ek sien daar staan ŉ polisieman met twee van ons manne. Toe wil ek nou nie eintlik reguit soontoe gaan nie, ek koes maar nadertoe en koes en tot ek by hulle uitgekom het. Toe het die polise met die manne gesels. Ek kannie eintlik sê wat het hulle met die manne gesels nie, en toe het ek maar weer maar probeer omdraai na Tonduma toe. Toe het ek ŉ vriend in die bosse ontmoet van my.

Watter een? Wie is hy?---Dit is nr. 3. Toe het ons teruggekeer daar waar ons vir nr. 1 ontmoet het.

In alle geval, julle is eindelik daar oor die grens, en waar is julle toe heen?---Wat ons moet terugkeer?

Ja, julle het eindelik oor die grens gekom, nê, en waar is julle toe heen?---Toe gaan ons weer na Tonduma toe.

Ja, en daarvandaan?---Daar het ons n tydjie vertoef by die Hotel. En toe is daar twee van ons, die ander het weer teruggekom, toe is ons nou 7 bymekaar, en toe is daar twee van ons nie by ons nie.

Watter twee was dit?-Dit is nr. 4 en nr. 7. Hulle het toe weer by ons aangesluit die aand. Toe het ons maar daar vertoef. Die volgende..ek kan ook nie onthou of dit die volgende een is nie, maar dit is op n nag, toe het hulle n reëling gehad het mense wat lorries het, dat die lorries moet deur die grense gaan, dat ons moet ompaadjies loop. Toe het ons die lorrie ontmoet aan die voorkant.

sê vir my, was dit toe nog julle hele groep by mekaar, jy en al die beskuldigdes?---Wat ons die lorrie ontmoet het?

Ja.---Een het agtergebly.

Wie was dit?---By Tonduma.

Wie was dit?---Dit was nr. 6.

Ja, en waar het hy weer by julle aangesluit?--Hy het by ons aangesluit, dit is n goeie, ek kannie nou sê hoeveel myl was dit, maar hy het ons die volgende dag, met die bus wat ons die oggend gery het, hy het by ons daarop gery.

Ek sien. En toe, waar is julle toe heen?--Toe gaan

ons voort na die plek Lusaka toe.

En op Lusaka, hoe sou julle daarvanaf verder gaan?---Ons sou met die trein gegaan het.

Het julle kaartjies gekry?--Ons het kaartjies gekry.

Sal jy net kyk na hierdie Bewysstuk en vir my sê of jy dit ken?---Dit is die kaartjies wat ons gehad het.

(Bewysstuk 9D). En julle het toe eindelik met die trein in Bulawayo aangekom waar julle arresteer was? ---Ja.

Hoe het julle die kaartjies gekoop? Het elkeen sy eie kaartjie gekoop?--Nee, ons was twee-twee aan ŉ kaartjie gewees.

En julle het twee-twee gery?--Aan ŉ kaartjie ja.

Ek wil nou net vir jou twee prentjies wys )Edele dit sal later konnekteer word) waar hierdie merkies in is. Sal jy net kyk na die eerste een, die rewolwer.---Ons het met sulkes gewerk.

DEUR DIE HOF: Wat sê jy? Wat is daardie?--Dis ŉ rewolwer.

MNR. TERBLANCHE (VERHOOR HERVAT)

Hoe lyk hy vir jou?--Hy lyk nes die ene wat ons daar mee gewerk het.

Net so----Net so.

Nou is daar prentjies van gewere.---DIé een het ons ook mee gewerk. (Dui aan).

MNR. TERBLANCHE: Geen verdere vrae.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 1:

Jy het gesê julle het in die pad gegaan?--Ja.

Toe ek van julle af is, waar het ek julle laat staan? Jy het gesê ons was saam by Marabi gewees maar nou wil ek weet waar het ek julle gelaat, laatstaan?

DEUR DIE HOF: Hy het nie gesê dat hierdie beskuldigde by

Marabi was. Hy het jou gekry bo by n busstop by Nairobi.

NR. 1 (deur die tolk)

U Edele, die getuie het gesê voordat ons by Mbaya aangekom het is nr. 1 eerste van ons af weg.

DEUR DIE HOF (aan die getuie)

Het jy soiets gesê?--Laat ek hom net bietjie vra asseblief my Agbare?

Ja vra hom laat ons hoor.

GETUIE (aan beskuldigde) Waarvanaf?

BESK. NR. 1: Voordat julle by daardie dorp gekom het wat jy gesê het, het jy die eerste mention gemaak van nr. 1. Jy het nie die naam van die dorp verstrek nie, jy het gesê die dorp wat julle by was.---Ek het geen dorp genoem nie.

Dit lyk vir my jy wil nie my vrae beantwoord nie. Ek sal maar liewers gaan sit. Jy het van n kombi gepraat voordat ons by Bechuanaland aangekom het. Ek het daardie goed geluister wat jy gesê het. Nou wil jy nie antwoord gee daarop. Nou gaan ek sit.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 2:

Before I ask a question sir I want to ask his lordship something. I have got any right to attend this Court when I am foreign?

BY THE COURT (to accused No. 2)

Yes, you say because you are a foreigner whether you have a right to attend to the Court, is that your question? ---Yes, that is my question.

Well, we will deal with your question later on. Have you any questions to ask this witness at the moment?

NO. 2: Yes I was asking this because I have got to ask

my question.

BY THE COURT: Well you are here as an accused person. I can't gie a decision about your case in the middle of the trial. I have got to hear all the evidence, and the argument, if there are arguments to be presented.--Thankyou.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 2:

Did you say you met me at Palapye?---Ek het gesê dat ek hom ontmoet het duskant Francistown.

I was with who at Francistown?--Toe ek jou gesien het by Francistown het jy gekom met n ander man.

Who was that man, the driver of the lorry who was with me?---Die drvwer kan ek nie sê nie. . Maar ek k r sê dat hy saam met sy swaer gekom het.

Before you said my brother-in-law was there before, after that we came, we three, with the lorry.---Ek het gesê daar het n lorrie gekom. Toe sien ek twee mense. En toe is dit die eerste keer wat ek vir nr. 2 daar gesien het, met n ander een. En naderhand toe het ek gesien sy swaer. Toe het ek gesien Joe Modise, en hy het gesê "Die een is my swaer." Toe is dit voor ons die geld ontvang het.

So what did he say? Did you ask him what nation are you?---Ek het n bevel geneem wat vir my gesê het ek mag nie vrae vra nie.

And from there you say you were with me up to Bulawayo?--Ons het saam gery tot ons die plek ontmoet het Tanganyika.

AT THIS STAGE THE COURT ADJOURNS FOR 15 MINUTES.

ON RESUMING:

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 2 OF WITNESS ALFRED JANTJIES (CONTINUED):

I want to know which place is Francistown?---Ek het myself nie gesien watter plek dit is nie, maar ek het gehoor ons is omtrent ɳ myl van Francistown af.

Is that in South Africa or Bechuanaland?---Dit is wat ek nou nie kan sê nie, of dit in Betsjoeanaland is want ek was nie by hom gewees nie.

From there to Dar-es-Salaam, yousay you left me behind in Dar-es-SalaaM?--- Dit is nie altemit, dit is seker dat ek dit gesê het.

Why you leave me behind in Dar-Es-Salaam?---Ek het hom by Khabanisa se huis agtergelaat.

Why you left me in Dar-es-Salaam?---Ek dink daardie vraag kan hy nie vir my vra nie, want vir my is gesê ek mag nie vra nie wat gebeur.

ACCUSED NO. 2: No further questions.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3:

Onthou jy nog wat jy gister gedoen het?---Ek weet.

Ek wil vra, die tyd toe jy by die Kaap was, was jy ɳ lid gewees?---Ek sal hom nie kan antwoord, hoekom hy weet nie van die Kaap nie. Hy kannie van die Kaap se dinge van my wil kom weet nie.

Ja, ek bedoel Kaapstad.--Ek sê ek glo nie hy kan my iets vra van die Kaap nie. Want hy weet niks van die Kaap nie.

Moet ek nou sê dat jy nie my vraag antwoord nie?

DEUR DIE HOF: Vra maar jou vrae - ek sal besluit wanneer hy jou nie antwoord nie.

KRUISVERHOOR DEUR BESK NR. 3 (VERVOLG):

Was jy gesê om watter tyd van die Kaap af te vertrek?--Dit was vir my gesê.

Wie het vir jou daardie informasie gegee, daardie

gesê?---Nghula.

Wat het hy gesê?---Ek dink die vrae wat hy my vra, dit kom my nie toe nie, want ek en hy..

DEUR DIE HOF (aan die getuie)

Antwoord maar sy vrae - wat het hy vir jou gesê?---Hy het vir my gesê ek moet n swart das om my nek sit en n armband dra.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 VERVOLG:

Wat het hy gesê, waarvoor is daardie dasse bedoel, die ties?---Hy het vir my gesê die dasse is n teken om dat dit die eerste keer is wat ek in Johannesburg kom, sal die mense my aan daardie tie kan sien.

Het hy jou niks anders gesê behalwe dit nie?---Hy het my niks gesê nie.

Is jy toe van die Kaap af met daardie boodskap van die swart das?--Nie dit alleenlik nie, hy het my toe n adres nog boonop gegee.

Jy het niks anders gehoor behalwe dit nie, toe jy van die Kaap af is nie?--Nee.

Toe jy op Johannesburg kom, wie het jy daar gesien?---Jy sal my nou net moet verduidelik, want Johannesburg is groot. Ek het op die stasie, die stasiepolisieman gesien, die eerste op Johannesburg.

Het jy met hom gepraat?---Ek het met hom gepraat ja.

Wat het hy vir jou gesê?--Ek het hom gevra waar ons n huurmotor kan kry.

Jy het hier in die Hof gesê nadat jy met daardie persoon gepraat het,het jy..het hy jou gewys waar jy n huurmotor kan kry, en wat het toe daarna gebeur?-..En toe kry ons die huurmotor, en toe vra ons vir die man of hy so-

en-so n plek kan.

(Die besk. sit dit in Engels, Edele) Give us a brief discussion about it.

DEUR DIE HOF: Wel, hy het al verduidelik vanmôre. Hy het met die huurmotor gery na n plek waar daar n winkel was, die adres wat hy gehad het. Daar het twee ingegaan en met die eienaar van die winkel gaan praat. Hy het in die kar gebly om na die goed te kyk. Wil jy hê hy moet dit nou weer herhaal?

BESK. NR. 3: Nee, Edele, ons sal verder aangaan.

KRUISVERHOOR (VERVOLG) :

Watter plek was julle gewees toe?---Ons was in die winkel ingeneem en na n plek in die basement geneem.

Het julle in die plek geslaap waar julle ingegaan het?--Ons het by Marabi gebly en geslaap.

Het jy mense daar by Marabi gesien?--Ja.

Toe jy nou daardie mense besigtig het, gekyk het, was dit nou vir jou mense wat daar gebly het, of mense wat aangekom het en weer weggegaan het en so aan?---Die eerste keer wat ek daar aangegaan het, na Joe Modise by ons aangesluit het, toe het hy vir ons geneem. Toe het ons n klomp mense gesien wat by n tafel gesit het.

My vraag is aan jou dit: die mense wat jy daar gesien het, na jy hulle bekyk het, het dit nou voorgekom vir jou of dit mense is wat daar bly, en of dit mense is wat net daar kom en weer weggaan en so?--Om die waarheid te sê, ek sou sê wat ek hulle daar ontmoet het het ek nie geweet of hulle hier bly. Ek het hulle nie gevra nie.

Is dit die mense wat jy gesien het?--Dit is die mense wat ek gesien het.

Van die mense wat jy daar by die Hotel gesien het, kan jy nie sê nie dat van die mense wat jy daar gesien het, van hulle is mense wat daar bly nie?

DEUR DIE HOF: (aan beskuldigde nr. 3).

Hy sê nee. Die volgende vraag?

KRUISVERHOOR DEUR BESK. NR. 3 (VERVOLG):

Julle is van Marabi af weg nê?---Ja.

Waar toe heen?---Na die dubbelverdieping.

Was julle drie toe julle na die dubbel storey toe gegaan het?---Nee.

Hoeveel was julle?---Ek het nie hulle getel nie, maar almal van hulle wat hulle ons attent gemaak het en gesê met die en die vriend moet jy gaan injoin, hulle is saam met ons daar weg.

Het jy daardie mense geken?---Na n tydjie wat ons bymekaar was, ja, toe het ek hulle geleer ken.

Hoe het jy hulle geleer ken,?---Na ons daar gekom het toe het hulle vir ons gesê "Kyk, die is julle vriende. Jy moet met hulle injoin."

DEUR DIE HOF (aan die beskuldigde voor die vraag deur die tolk weergee is)

Hy sal nie weet wat al die name is, en wat maak dit saak wat die name is?---I am just asking one question sir, if he recognised anybody among those people.

He said he recognised the 5 of you sitting in the dock there.

KRUISVERHOOR DEUR BESK. NR. 3 (VERVOLG):

Toe jy nou daar by Marabi was, nadat jy nou uitgekom het daar, het jy van die mense, die naam van een of ander van hulle wat daar gewees het, gekry, of gehoor?---Om die waarheid te sê, ek kan nou nie seker maak dat ek gesê het

vir elkeen "Hoe is jou naam" nie, maar ek het hulle gdeer ken daar by Marabi.

My vraag is dit: van die ses wat jy daar gesien het, is daar een van die ses wat jy die naam van ken wat jy daar by Marabi gesien het?---Ja.

Wie is hy?---Matthews Makalima.

Is die die een wat jy by Marabi geken het?---Dis reg.

Van Marabi af het julle na n dubbel storey building gegaan. Wat het julle gesien?--Ek dink ek het dit gesê al.

Wat het jy gesê?---Dat ons van die Marabi Hotel na die double storey huis gegaan het.

Hoeveel van julle was daar toe julle van daardie double-storey plek af weg is, hoeveel van julle was daar?---Ek het nie getel op die oomblik nie, maar na ons die grense verlaat het toe is ons ongeveer 32.

Het jy gesien dat daar 32 is toe julle nog duskant die grens was?---Ek het gesê om v as te sê dat dit 32 was was toe ons oor die grens was.

Die 32 wat jy van praat, het ons toe by Palapye aangekom?--Ek dink ek het al voorheen al gesê al.

Ons is by Palapye verby toe is ons na nander plek toe. Wat is die naam van daardie plek?--Die plek wat ons by gekom het?

Ja?--Waar ons by geslaap het?

Ja.---As ek nie n mistake het nie, ek kan miskien n mistake hê, was dit Masalonji.

Sê jy nou by Masalonji het ons ander manne ook ontmoet?--Twee.

Modise het ons by die ander saamgevat, hy het ons

die ander laat ontmoet?--Hy het die twee by ons gebring.

Is daar enigie's wat hy sou gesê het, nadat hy ons ..die twee manne by ons laat aansluit het?--Ek dink dat hy ons gesê het dat een wat hy by ons gebring het sy skoonbroer sy swaer is tenminste.

Ek neem aan dat jy die Hof gesê het dat ons geld gegee was. Nou wat se en hoeveel geld was ons gegee? --Ek dink daar..ek maak gladnie n mistake nie. Ek sê ons het elkeen £11 ontvang.

Was ons enige iets gesê nadat ons die geld gegee was?

DEUR DIE HOF: Ja, hy het vroeër gesê dat hulle die geld aan hom gegeehet en gesê elkeen moet sy eie geld hou, sodat as daar iets verkeerd verloop en hulle moet weghardloop, dan het elkeen sy eie geld.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3 (VERVOLG):

Soos ons nou daar was, aangekom het, het elkeen sy £11 aan hom gehad?--Dit het ek gesê.

Het ons saam alger daar by Bulawayo aangekom?--- Ek dink ek het gesê duidelik dat twee wat by ons was omgedraai het.

Die twee wat jy nou gesê het wat sou omgedraai het, die anders van ons is toe alger saam?--Die anders is toe alger saam.

Was ek toe by julle gewees op daardie tydstip toe ons nou voortgegaan het?----Ek dink hy was..ons was saamgewees.

Wat het daar by Bulawayo gebeur?--By Bulawayo, toe het ons by die stasie gekom. Toe het ons probeer om by die stasie te slaap. Toe het die polisie vir ons geweier. En

toe het hulle 'n plek loop soek vir ons in die Hotel, en toe het ons in die Hotel gaan slaap.

Van daardie gelde wat ons gegee was deur Modise, was daar enigeen permissie gegee om allaen in besit van daardie geld te gaan?---Ek dink ek het al heel oggend die selfde ding, ek dink dit is die derde keer wat ek dieselfde ding praat.

Dit is nou duidelik dat enigeen wat die goed aan hom gehad het, sulks as die kos en dinge, dit was alles aan hom uitgereik, dat hy moet gaan.--Ek dink dit was die bevel wat ons ontvang het daar.

Toe ons nou daar voor by Lusaka kom, wat..het ons iets daar gesien.--Toe ons in Lusaka kom toe sien ons vir Jack and Johnny Makatini.

Wat het hullegemaak?--Toe kry ons hulle op die stasie.

Wat het hulle gemaak?-- Entoe hulle by ons kom toe vind hulle uit dat ons nie die geld genoeg het nie, party van ons het die geld gemors.

Is dit al die mense daardie wat die reg gehad het om die geld van ons te neem, is dit hulle wat die reg ge had het?--Ek sal nie sê dit was hulle alleen nie, maar vol-gens ek hulle gesien het, na hulle by ons gekom het, toe hulle sien ons het die geld nou gemors, hulle was die eerste mense wat die geld by ons afgeneem het.

Het julle toe vir hom die geld gegee?--Ons het vir hulle die geld oorhandig.

Van Bulawayo af tot by Lusaka, al daardie tyd was die geld by julle gewees?---Ek gee verseker dat my geld nog altyd by my gewees het, en nog 'n paar van die ander.

Ek neem aan dat Maloi ook daardie geld gegee was.

Met wie se geld het hy gekoup?---Ek dink ek het die heel oggend verduidelik dat ons by die stasie gekom het, toe het Maloi die geld gekollect om die kaartjies aan ons te koop.

Kyk jy het gesê dat julle was gesê dat die gelde wat julle ontvang het moet elkeen sy geld hou, en hy moet dit gebruik, indien daar enige moeilikhede ontstaan, vir sy eie doel.---Dit is die waarheid wat ek gesê het, maar Maloi, hy het by ons aangesluit, dat hy is n member van die Zabo, dat hy n reëling gehad het dat hy die kaartjies moet uitneem sodat hulle nie kan uitvind ons is sonder paspoorte

Toe ons nou daar gekom het het ons Jack daar ontmoet en hoeveel ander van sy mense? Daar by Lusaka? ---Van wie se mense?

Maloi. Jack se mense.--Wat ons by die stasie kom wat hulle by ons gekom het was daar net twee van hulle, Joe Jack and Johnny Makatini.

That is not my question. My question is: toe ons nou alger daar by Lusaka gekom het, hoeveel was ons?--- Ons was 32 gewees.

Laat ons bietjie agter toe gaan nou. Laat ons nou na Masalonji toe gaan. Jy het die Hof vertel dat toe ons hier van die Republiek af weg is, toe was ons 32.---Ja.

Toe ons nou daar by Masalonji aangekom het, het twee manne ons daar gecollect?---Dis reg.

Jy het hulle genoem, die swaer van nr. 2. Gaan dit nie van jou af weg daardie ding nie?--Net een punt wat ek wil bietjie duidelik maak. Ons was 32 oor die grense, dit was gewees Joe Modise en die een wat die Kombi gery het.

Wat ek nou van jou wil weet is, kyk jy het genoem 32 en toe het jy gesê daar het twee later aangesluit. Nou wil ek weet of jy nou meen 32 of 34? 32 en twee by meen 34.--Joe Modise en die drywer van die Kombi het omgedraai, anderkant die grense. Toe is ons 30.

Het jy die Hof daarvan gesê?---Ek is nie seker nie.

Kyk wat jy hier in die Hof vertel moet jy baie seker van wees, want dit kan mense in moeilikheid besorg. ---Maar ek dink dat ek hom gesê het dat toe hulle by ons aange'join' het toe kom maak hulle 32 by ons, die twee.

Jy het my gehelp, dankie.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4:

Ek sal net so een vragie stel. Het jy gesê in hierdie Hof, toe ons van Lusaka af terugkom, was daar twee aan ons op een kaartjie?---Ek het dit gesê.

Ek is seker daarvan dat die Hof geen getuienis het dat daar is geen ander persoon op my kaartjie, behalwe ek.--Ek sal nie stry nie maar dan het hy teen die wet gegaan waar ons die bevele gekry het. Die man wat ons by die stasie gebring het, hy het die geld oorhandig, hy het die geld van ons gevat van elkeen toe kom hy daar en sê Julle is twee op n kaartjie.

Ek wil nou seker maak, is jy seker dat dit gesê was dat daar twee op elke kaartjie, twee moet wees?---Ek sal nie vastig sê dit was nie, maar toe hulle by my kom toe sê hulle "Gee jou geld hier." Toe ek vra waarvoor, toe sê hulle "Ons gaan vir julle kaartjies koop." Na hulle die kaartjie gekoop het, toe sê hulle " Julle is twee aan n kaartjie." En toe het ek gekyk, toe is dit nie net ek en die ander persoon nie, toe is daar nog ander wat ook twee-twee aan n kaartjie is. Toe het ek voorgeneem dit is

die bevele van die man wat ons op die stasie gebring het.

Het jy nou maar gedink dat daar moes twee op een kaartjie wees, of was dit ꞥ bevel wat gegee was?

DEUR DIE HOF:

Nee, hy het die posisie baie duidelik gemaak. Hy sê dit is wat gesê was. Hy het toe gesien dat hy met ꞥ ander man ꞥ kaartjie deel. Hy/a het ook gesien dat daar twee andere op een kaartjie is. Toe het hy aangeneem dat met almal die posisie so is, omdat die bevele so was.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 4 (VERVOLG):

As dit die bevele was, waarom was ek dan alleen op die kaartjie, dat daar nie iemand anders saam met my was nie?

DEUR DIE HOF:

Wel hy het nie die kaartjies gekoop nie. Hy weet nie. Hy neem maar aan dat dit so is.

NR. 4: Dis al, u Edele.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 5:

Ek wil jou die vraag stel: wat jy nou hier in die Hof gesê het, het jy nou ꞥ eed geneem dat dit alles die waarheid sal wees wat jy hier in die Hof gesê het?

DEUR DIE HOF:

Ja hy het die eed so geneem.

KRUISVERHOOR DEUR NR. 5 (VERVOLG):

Jy het hier in die Hof gister gesê daar by die Kaap was jy ꞥ lid van een of ander voetbal beweging.---Ek dink ek erken dit dat ek gesê het dat ek ꞥ lidmaat gewees het van die football/ WAT onder die Youth League aan behoort.

Wat was die naam van jou span?---Die naam van my span gewees het was Ponie Express.

Watter plek het jy gespeel?---Ek was n goalkeeper. Dit was soccer gewees.

Het jy geweet toe jy as lid aansluit, by daardie voetbalbeweging dat dit was onder hierdie Youth League soos jy sê?---Voor ek hom gejoin het was dit nie vir my so duidelik gemaak nie.

Het jy enige wete gehad, het jy geweet daarvan, voordat jy n lid van die 'ball' gekom het dat dit onder die Youth League is? Het jy enige 'desire' gehad daarvan? Laat jy by die Youth League moet aansluit voor jy by die voetbal kan aansluit? n Begeerte gehad? ---Na ek die aan die 'ball' besluit het, toe het ek gesien, en toe het hulle my baie verduidelik, wat die 'African Youth League' se doel is met n mens.

My vraag is, voordat jy aangesluit het as lid, was jy begerig om n lid van daardie Youth League te wees? ---Ek dink n mens, voor n mens begeerte het, sal n mens eers sien wat die ding werd is.

Was jy verduidelik gewees, nadat jy n lid van daardie span gewees het, dat jy sal n lid daarvan ook wees?-- Na ek verduidelik is, en toe het ek gesien dit sal vir my n voordeel wees om hom aan te 'join'.

Nadat jy duidelik gemaak is van hierdie, as die lid van hierdie Youth League, het jy gesien tot wattere voordeel dit jou sal strek?--Ek het dit self met my eie oë gesien.

Wat is dit wat vir jou verduidelik is ?----Dit is vir my verduidelik, as jy hieraan belong, en as jy die dag doodgaan, dan word daar n bus gehuur vir jou, en dan word jy na n groot lykstasie geneem, en jy sal niks kortkom as jy saam met die Youth League is nie.

Wat is die naam van die Youth League?---Ek dink dat ek hom net geken het in die naam Youth League.

Daar is nie n ander naam wat jy miskien weet nie?--Ek sou nie sê daar is nie, ek sal ook nie sê daar is, ek ken hom net aan die naam 'African Youth League'.

Het jy gister hier aan die Hof gesê dat jy n lid was van die A.N.C. Youth League?--Ek dink dit het nie self uit my mond gekom nie.

Het jy dit nie gesê hier in die Hof nie?---A.N.C. Youth League?

Ja.---Die Youth League het ek gesê.

Het jy nie hier in die Hof gesê dat jy n lid is van die A.N.C. Youth League nie?---Uit my eie mond uit het ek dit nie gesê nie.

Is jy seker? ---Ek dink ek ken die Youth League op die naam van Youth League.

<u>DEUR DIE HOF</u>:

Jy het die vraag gevra, en jy het die antwoord gekry. Ek weet hy het gister gepraat van die A.N.C. Youth League. Gaan nou maar aan met jou vrae.

<u>BESKULDIGDE NR. 5</u>: GEEN VERDERE VRAE.

<u>KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 6</u>:

Jy as getuie van die Hof, het jy die naam van nr. 6 genoem dink ek.---Ek erken dit.

Het jy hier gesê toe julle van Tonduma is het nr. 6 agtergebly?---Ek dink..ek het dit gesê.

Hier is nou my vraag: waar het jy my weer toe gesien?--Ek het hom gesien by die bus wat ons toe geneem het aan die voorkant, wat ons inklim toe sien ons, hier klim hy af, wat hy ons sien.

Het jy dit aan die Hof gesê, hierdie verklaring

wat jy nou maak aan die Hof?

DEUR DIE HOF:

Ja hy het dit gesê vir my. Het jy nog vrae?

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 6 (VERVOLG):

Is dit nounie waar nie, dat ek het jou gesien by Suid-Rhodesië waar ons by die polisie gearresteer was?---Ek dink toe ek dit gesê het het ek nie n 'mistake' gehad nie. As hy dit nie wil glo nie, ek sal hom nog op n ander manier verduidelik dat ek nie verkeerd het nie, dat ek en hy in Ethiopia was. Daar het ons valse name gehad. My naam was gewees Apiri Langa - dit was my valse naam gewees, en jou naam was gewees Asani Evia.

My vraag aan jou is, is dit nie die eerste keer wat ek jou gesien het, in Suid-Rhodesië, nadat ons by die polisie gearresteer is, was dit nie die eerste keer dat ek jou daar toe gesien het?---Die antwoord sê, dit is nie die eerste keer nie.

Voordat ek aftree wil ek net aan die getuie sê waar ek hom die eerste keer gesien het is by die polisie voertuig by Suid-Rhodesië.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 7:

Het jy hier in die Hof gesê dat die plek wat ons van vertrek het, van Johannesburg af, toe was ons 32?---Joe Modise saam, asook die drywer?---Ek het gesê, waar ek die som gekry het om te sê dit is 32, is na ons die grense oorgegaan het.

Tel jy nou die drywer van die Kombi en Modise ook by.

DEUR DIE HOF: Ek laat nie daardie vraag toe nie. Dit was dieselfde vraag as deur beskuldigde nr. 2 gestel is.

Dit maak nie saak of hulle 15 of 25 of 35 was nie. Die vraag is wat het hulle daar ko gemaak.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 7 (VERVOLG):

Het jy gesê, toe julle by Ethiopia kom, by daardie plek, toe het jy geskrik want dit was nie die skool?---Dit is wat ek gesê het.

Het jy nie voordat jy daar gekom het nie, gehoor nie dat jy gaan daarbeen na Ethiopia om te gaan oefen, om te gaan 'train'?---Ek het gehoor die oggend wat ons weggaan dat ons gaan vandag, en daar waar ons gaan, moet ons aanneem wat ons geleer word.

Wat gaan geleer word?--My hele verstand was gewees dat ons in die skool is.

Jy het gepraat van die inspuitings nê?---Ja.

Het ons alger saam die inspuitings gekry, saam met jou ook?---Ons was in groepe gevat, 5, 3, 6, so aan, tot ons daar gebring is.

Was dit alles dieselfde dag gedaan?---Ek kannie meer so goed onthou of dit dieselfde..nee

Toe ons nou hier weg is, nadat ons by Dar-es-Salaam aangekom het, het jy nie na die A.N.C. se kantore gegaan nie na die Offices nie?---Ek wil net weet of dit dieselfde dag is wat ons gekom het in Dar-es-Salaam, of n paar dae daarna?

Op die dag wat ons daar gekom het, dieselfde dag. --Om die waarheid te sê, ek my persoonlik en nog n paar was nie tot by die office gewees nie.

En die volgende dag?---Die volgende dag was ek ook nog nie daar gewees nie.

Ek wil nou mooi verstaan van jou - jy sê by Nairobi is hierdie stamp g esit op hierdie papiere van ons?--

Ek meen dit het ek gesê.

Het jy vantevore al hierdie stampe gesien op die papiere?--Vantevore het ek nie aandag geneem op die stempel nie, maar na ons in Nairobi gekom het, na MacDonald die paspoorte gecollect het by ons.

Het jy nie vantevore gekyk daarna nie, na die stamp nie wat daarop gedruk was?--Nee, ek het nie daarna gekyk nie.

Hoe het jy dan geweet dat daar seëls opgesit was die stamp, as jy nie vantevore gekyk het om te sien of daar ietsop is?

DEUR DIE HOF:

Nee, hy sê MacDonald het na hom toe gekom en almal julle boeke geneem. Hy het toe weggegaan en truggekom met die paspoorte. Toe sien hy binne in die paspoorte is die stempel aangebring.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 7 (VERVOLG):

Jy het gesê hy het vantevore nie gekyk nie?--Nee.

Hoe het jy dan geweet dat daardie dag is die stamp op daardie goed gesit, as jy dit nie vantevore gesien het nie?--Hy het vir ons gesê ons moet dit oorhandig aan hom, want hy gaan dit loop regmaak.

TOLK AAN DIE HOF: Dieselfde vraag weer u Edele.--Ja, volgende vraag?

BESKULDIGDE NR. 7 (VERV): Jy sê ons is van julle af weg daar by Tonduma?--Ek erken dit.

Hoe is ons daar weg?---Na ons van die bus afgeklim het, dat daar een man by die goed op die bus gebly het, toe is ons agter/om. Toe bly daar een agter in Tonduma by die bus, om die bus aan die anderkant...

Wat ek eintlik van jou wil weet is, hoe het jy agtergekom dat ons nou verdwaal het, of verlore gegaan het? --Om na ons omgedraai het weer na die plek waar ons die een persoon ontmoet het waar ons hom gelaat het, toe sal ons hulle twee nie by ons sien nie.

Jy sê toe jy omdraai toe sien jy hulle is nie daar nie?--Ja.

Wanneer het jy ons toe weer ontmoet?--Hulle het weer na ons n hele tyd daar is, toe kom hulle weer by ons aan.

Daardie aand?---Ek myself kannie persoonlik sê was dit dieselfde aand nie, maar ek was n bietjie dronk gewees, want ons het daar gedrink.

Jy het gesê ons het toe weer teruggekom. Nou wil ek weet of ons daardie selfde aandweer teruggekom het. --Hulle het nie dieselfde aand daar gekom nie, miskien.. sê maar die volgende dag.

BESKULDIGDE NR. 7: GEEN VERDERE VRAE.

HERVERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE:

Jy het gesê dat jou vals naam en nr. 6 se vals naam..het jy gegee. Kan jy onthou of nr. 3 n vals naam gehad het?--Ja.

Wat was sy vals naam?---Sy vals naam was Mac Koebelaganda.

-----------

KANTILAL MOODI, s.s.

EXAMINATION BY MR. TERBLANCHE:

Have you a business in Johannesburg?---Yes.

On your own or in partnership?--In partnership.

Where is this business situated?--At 39b Commissioner Street.

And the name of this business?--Commercial Trading Company.

How long have you had this business?---Since about 1947.

Now do you remember June 1962?--Yes.

Did certain natives come to your place of business?--Yes.

And enquire for you?--Yes.

How many were there?---I am not sure were there two or three.

For whom did they enquire?--They first asked for me from the shop assistants, and then when I came forward they asked for Mr. Hodgson.

Who is this Mr. Hodgson? Do you know Mr. Hodgson? --Yes, he occupied a shop right next to us.

What is his first name?--Jack Hodgson.

As a result of the enquiries, what did you do?-- I told them to wait in the basement.

Yes?---And Mr. Hodgson had given me a telephone number, so I phoned up Mr. Hodgson, and told him that some people were waiting for him, and he said he would attend to that immediately. And then when I enquired again, they had left.

You don't know who came for them,)---No I was very busy on that day.

Has he still got that business there, Hodgson? ---No he has left the country.

MR. TERBLANCHE: No further questions.

NO CROSS-EXAMINATION BY ANY OF THE ACCUSED.

------------

JEREMIAH MOFOKENG, s.s.

EXAMINATION BY MR. TERBLANCHE.

Where do you reside Jeremiah?--I live at Orlando.

At Johannesburg?---At Johannesburg yes.

Are you the owner of a Hotel?---That is so.

What is the name of your Hotel?----Mirabi Hotel.

Do you visit this hotel daily?---My lord, I visit this place daily. I go in the morning, then I go to the garage, and then I go to this place again.

Now during June 1962, did you notice a large number of male persons at your hotel?---Yes.

These persons, what were they supposed to be?---My lord I am not sure now. I did not go there frequently, but they were either Xhosas or Zulus. They were not Basutos.

But did you learn to know them as..as..did you know what they were doing there at your Hotel, for what purpose they were there?---My lord of what I heard from my foreman that I had put there at the hotel, of what he had told me why they came there.

Sorry my lord. No further questions.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 5:

I want to know from you that in June, was that the first time that a number of people came to your Hotel?---No it is not the first time.

Do you remember who these people were that came there before those that came there in June?---I remember that before that some people would come there in groups, and so on, and leave again.

Do you remember the months that those other people came before those that came there in June?---No my lord I do

not remember.

Do you still remember now, is it still in your mind, that in June a large number of people came to your Hotel? --I do not remember about the others my lord, but as far as these large numbers that had come there, I remembered about them when I was spoken to about them by the police.

Were you told by the police that the month that these people were at your place was June? ---The receptionist went to the book, and there they saw that these people had come there in June.

Was this the last lot of people that were there, that were written down the names in your book? Were there also no others in numbers, that were there, that were written in your book?---My lord I was not concerned to look about the others who had been there before. I had only looked about these after the police had spoken to me about them.

Did you know the names of all the people that were there in June? Had you written their names separately, having been there in June only?---My lord I only looked in the book, and that is where I saw it.

NR. 5: No further questions.

NO QUESTION BY ANY OF THE OTHER ACCUSED.

-------

ESSOP AHMED SULIMAN, s.s.

EXAMINATION BY MR. TERBLANCHE:

Essop, do you own any motor vehicles?---Yes.

How many?---Three.

What are they?---Volkswagen Kombi bus.

How many?--Three altogether.

Now who are the drivers of these vehicles of yours? ---Piet Coetsee, he is a driver. My brother Ebrahim, and I have another driver Fox.

And what kind of business do you do with these vehicles?---These are pirate taxis.

During the beginning of 1962, as a result of a message which you received, did you go and see somebody--- Yes.

Whom did you go and see?--Sisulu.

What is his first name?---Walter Max Sisulu.

Where did you go and see him?---In Commissioner Street, Makosa House.

Was anything arranged between you and Sisulu?--- Yes. Sisulu asked me to convey people to Lobatsi for a meeting.

Now as a result..and did you agree to this?--Yes.

And did your vehicles in fact convey people to Lobatsi as a result of this agreement?---Yes.

Can you remember who the drivers were?--Piet Coetzee was one and Ebrahim was the other driver.

BY THE COURT: How many Kombis left?--Two Kombis left on a Saturday and one Kombi left ona Friday.

EXAMINATION BY MR. TERBLANCHE:

Now you remember that during June 1962, did you again see Walter Sisulu---Yes your lordship.

And the result of that meeting..what happened?--- Sisulu asked me to convey two Kombis and a van of people to Lobatsi.

What arrangements were made, where were you to pickup these people? --The people were supposed to be picked up at Marabi Garage. They must be there, and from

there we travelled to Merabi Hotel.

Who did you meet there?--Modise.

Now you had the three vehicles - who were the drivers?---The one driver was Ebrahim and the other driver was Piet.

Piet Coetzee?--Yes and the other driver was Fox.

Yes and then where did you go there from?--We went to Marabe Hotel and there we waited for about an hour, and then Modise came out with about 30 people. We then proceeded to Lobatsi border.

Are you sure it was from the Marabi Hotel?---Yes. First we went to the Marabi Garage, and from there Modise told us to follow and we went to the Marabi Hotel.

Did you go along with these people?---Yes.

Could you tell us something about this..what happened on your way to Lobatsi? What you can remember?--Ebrahim was the driver of the van, and Modise was sitting with him, and me and Piet Coetzee was in the other Kombi, and on the other Kombi was Fox.

Yes?---We weht through Roodepoort, Krugersdorp Zeerust.

Yes?---On the way we had trouble with the generator of the van, and the van drove in between the two Kombis.

Yes and then what happened further?--We reached the border and then the people all got out and walked across the veld.

What happened to the vehicles?---The one van and the Kombi came to Johannesburg. In the red Kombi there was the luggage. Me and Ebrahim went across the border with the luggage and the Kombi. Modise told us that on the border, if anybody asked, we must say the luggage is samples.

We crossed the border and we parked the Kombi a few hundred yards in front. Then Modise arrived. Modise then got in with the Kombi and we reached Lobatsi which is very near. Then the bantu men walked it out to Lobatsi. Modise spoke to them for about an hour. And then we returned back to Johannesburg. Modise said that these bantus were going to Kenya and Tanganyika to become soldiers.

Now do you know a double storey building in Orlando?--I know a double storey building in Orlando.

What is it called?---They call it Marabi Hotel.

MR. TERBLANCHE: No further questions.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 1 and No. 2: NO QUESTIONS.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 3:

The day you met Sisulu, what did he say, where were these people going to?--Sisulu said I must convey these people up to the border, and drop them off at the border.

Did he pay you for that?---Yes.

What did he say, how many were these people that you had to convey?---Thirty.

What did he say, where were they heading for, where were they going to?--From the border they were going to Kenya and Tanganyika.

Is that what Sisulu told you? No-one else told you about this? ---And Modise when we were on the return.

ACCUSED NO 3: NO FURTHER QUESTIONS.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 4: No questions.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 5:

Did you find these people at the Marabi Hotel?---We reached the Marabi Garage. There Modise was waiting for us. And from there Modise took us to the Marabi Hotel.

Did you find these people at the Marabi Hotel?---Yes, they all came out of Marabi Hotel.

BY THE COURT:

Is this a double storey or a single storey?---A Doubley storey my lord.

It is a double storey hotel. Did you know that was the Marabi Hotel?--From what Modise told me, that that is the Marabi Hotel.

Yes but you did not know yourself?---No.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 5 (continued):

You personally, did you not know that that was in fact the Marabi Hotel?--- Well I personally did not know that was an hotel. Modise told me, follow on to Marabi Hotel.

Is that at Orlondo?---Yes.

Do you know Orlando?---Yes.

NO QUESTIONS BY ACCUSED NO. 6.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED No. 7:

Was that the first time that you loaded people and take them across the border?--No it's not the first time.

The people that you took across the border, did you take them during the night across the border?

BY THE COURT:

Well now you must listen to the evidence. The witness says he drove up to the border. There he was told to stop. All the luggage was put into a red combi. The van and the other Combi came back to Johannesburg. Whoever those bantus were that were with them, walked through the bush across the border.

CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NO. 7 (CONTINUED):

The first lot that you took over, were you told by Sisulu to take them over?---Yes, I was.

ACCUSED NO. 7: NO FURTHER QUESTIONS.

---

AT THIS STAGE THE COURT ADJOURNS UNTIL 2.15 p.m.

ON RESUMING:

PIET ADAM COETZEE, b.v.

VERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE:

Waar woon jy Piet?---In Johannesburg.

Wat doen jy?--Ek is n drywer.

Vir wie?---Essop Suliman.

Watse voertuig dryf jy vir hom?---n Kombi.

Nou onthou jy aan die begin van 1962 het jy vir hom met die Kombi mense êrens heen geneem?--Ja.

Waar het jy hulle heen geneem?---Bechuanaland, Lobatsi.

Hoeveel het jy geneem?---Ek het 13 in my kar gehad.

Wat het die mense in Lobatsi gaan maak, het jy geweet?--Hulle het gegaan vir n vergadering. Hulle het soontoe gegaan, ons het hulle ingevat, toe gaan hulle by n huis daarso, vergadering gaan hou.

Het jy ook die vergadering bygewoon?--Ek het bygewoon.

Watse vergadering was dit?--Dit was van African National Congress.

Wie het die vergadering bygewoon?--Hulle name is almal daar, Sisulu, Mandela, Nokwe, Luthuli en nog ander paar, hulle name het ek bietjie vergeet.

Die Luthuli wat jy van praat, is dit Chief Luthuli? ---Nee nie chief Luthuli nie.

Nou kan jy vir die Hof iets sê wat op daardie vergadering besluit gewees het?--By die vergadering was besluit gewees dat hulle nou gaan manne uitstuur om soldate te word.

Vir watter rede?--Om teen die witmense van Suid-Afrika te baklei.

Nou onthou jy die begin van Junie 1962 het jy weer met jou Kombi êrens heen gegaan?--Weer Lobatsi toe.

Op daardie geleentheid hoeveel voertuie was daar? ---Ek het alleenig gegaan daardie tyd, die Vrydagaand. Hulle was drie voertuie.

Wat was hulle gewees?--Dit was vir die groot General Meeting. Dit was die groot, laaste vergadering.

Wag bietjie, ek dink ons twee is nou op n verskillende ding. Ek wil nou verwys na n geval waar jy nie oor die grens gegaan het nie. Wat julle mense opgelaai het by n sekere plek in Orlando.---Ja.

Nou kan jy my sê waar julle gegaan het om die mense op te laai?--Ons het gegaan by n double storey building in Orlando.

Hoe het julle daar gekom?--Ons het gery tot by Marabe Garage, toe kry ons Modise daar.

Hoeveel voertuie was julle bymekaar?--Ons was 3.

Wat was dit gewees?--Dit was n van en twee kombis.

Goed. Julle het toe gery tot by die dubbelverdieping-huis.---Ja.

En toe?--Toe gaan Modise daar in.

Ja? Weet jy wie se huis dit is?--Ek kannie die huis onthou, maar ek weet dit was n dokter se huis gewees. Ek vergeet net sy naam. Ekdink ek het sy huis daar binnekant, ek het dit net vergeet.

Toemaar, dit was n dokter se huis. Nou goed, en het julle die mense daar opgelaai?--Ons het daar die mense opgelaai.

Hoeveel mense was dit omtrent?--Wel, dit was 30 tot 40. Dit moet 30 gewees het.

Om en by 30. Nou toe julle nou gery het, watter voertuig het voorgery?--Die van.

Sal jy net vertel vir die Hof wat op julle reis gebeur het, enigiets wat jy kan onthou?--Ons het gery. Toe gaan ons hier deur Roodepoort. Wat ons by Roodepoort kom toe gaan die van se lig uit. Toe kom die traffic inspector, toe stop hy hom. Toe staan ons agter die van. Toe praat die trafficinspector met die van, en toe sien ek net toe ry ons aan.

Ja, wat het toe verder gebeur?--Toe ry ons aan Lobatsi toe.

Het die ligte toe goed gedoen verder?--wel hy het dit reggemaak. Toe lig dit weer. Hy het bietjie gepla, maar nie so baie gepla nie.

Kan jy onthou of die van al die tyd voorgery het of nie?---Die van het al die tyd voor gery.

En toe julle by die grens kom, wat gebeur?---Duskant die grens toe het ons hulle afgelaai, en ons het daar omgedraai, en die van wat die luggage gehad het, die het deurgegaan.

Jy het omgedraai en een van die voertuie?---Ja die van en die kombi het omgedraai.

DEUR DIE HOF:

Jy sê een is deur met die 'luggage'?---Ja.

Een kombi?--Ja, saam met Essop en sy broer Ebrahim. Ek weet nie of hy deurgegaan het of waar het hy omgedraai nie

want hy het luggage gehad.

MNR. TERBLANCHE: Geen verdere vrae.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDES NRS. 1 en 2: Geen vrae.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 3:

Het jy gesê daar by daardie plek was Luthuli en Mandela en Sisulu?---Dit was by die vergadering ja.

Jy het hulle nie van Johannesburg geneem na die vergadering toe nie?---Nee, ek het hulle nie soontoe gevat. Hulle het met hulle karre gegaan.

Was jy by daardie vergadering toe die vergadering gehou was?--Ja, ek was daar.

Het jy die grens van Lobatsi ingegaan?--Ja meneer.

Waarmee?--Saam met die Kombi.

Jy alleen?--Ek het allenig ingegaan met die Kombi die Vrydagaand. Die anders het die Sondagmôre eers gekom, die ander twee Kombis.

Wat was die einde van die vergadering?--Die einde van die vergadering was dat hulle gaan soldate deurstuur. Hulle gaan nou soldate opmaak en hulle uitstuur om te gaan train vir soldate.

Watter jaar was die vergadering daar?---1962, June.

Was daar soldate by daardie vergadering?---Nee, daar was nie soldate nie.

Hoe weet jy?---Ek was daar.

Was jy gesê daar is nie?--Ek weet daar was nie.

Het jy enige kennis gedra dat daar soldate moet wees en geweet wie die soldate was?-- Nee ek het nie geweet wie soldate is nie. Hulle het gesê hulle gaan hulleopmaak om hulle deur te stuur.

Wat was dit gesê, vanwaar sou hulle geneem gewees

het?---Van all over van die plekke af, hier in Johannesburg, enige plek, net waar hulle mense kry, volunteers.

Onthou jy die maand wat die vergadering in Lobatsi gehou was?--Dit is in Junie.

Watter tyd?--Ek weet nie watter datum nie.

Was dit in die begin van June, teen die middel van June, of teen die einde?---As..dit is hier na die begin van June.

Kom al hierdie mense, Mandela en die wat daar by die vergadering bymekaar gekom het, hiervandaan?--- Hulle is nie almal van Johannesburg af nie. Hulle is van all over, van Port Elizabeth af, East London, Cape Town, Durban.

Wat ek eintlik wil weet is, kom al daar die manne wat by die vergadering was, hier van Suid-Afrika?--Hulle is van Suid-afrika, een is van Rhodesië. Jumbo.

Is hy nie n Rhodesian nie?--Nee, hy is nie n Rhodesiën nie, hy was n man van Suid-Afrika hierso.

Dit meen Mandela, Sisulu en die manne?--Hulle is almal hier van Johannesburg.

BESK. NR. 3: GEEN VERDERE VRAE.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 5:

Jy het oor die grens in Bechuanaland ingegaan met die Kombi?---Ja.

het jy papiere tot die effek wat jou toelaat, of permissie gee om die grens oor te gaan hiervandaan na Lobatsi toe?---Ek het die permit gehad wat ons laat deurgaan.

Is jy deur die polisie van Bechuanaland toegelaat om in te gaan?--Ek is deurgelaat deur die polisie van Suid-Afrika en van Lobatsi, van die border, om deur te gaan.

Wat jy nou dink vir jouself, waarvoor is die Polisie daar op die grens?--Hulle het net ons name gevat, en afgeskryf.

Die 30 mense wat jy gevat het, het jy hulle oor die grens geneem na die vergadering toe wat daar by Lobatsi was?---Ja.

Die drie manne wat jy die name van genoem het, is dit van hulle wat jy na die vergadering toe geneem het? ---Nee hulle het met hulle kar gery.

Toe jy nou daar kom met die kombi toe sien jy dat hulle ook daar kom met hulle motorkar wat van Suid--Afrika af kom?--Ja toe kry ons hulle daar.

Jy sê die drie voertuie wat die 30 mense opgelaai het, jy sê voor dit het die 'van' moeilikheid gegee met sy ligte. Het hy voorgery die 'van'?--Voorgery, ja.

Die twee kombis agter?--Ja.

Toe hulle nou die grens oorsteek na Bechuanaland toe was die twee kombis nog agter?--Ons het nie in Betsjoeanaland ingegaan met daardie nie, ons het hulle afgelaai duskant die grens.

Vanaf die tyd wat julle van Orlando af is, het die 'van' altyd voorgegaan?--Die 'van' was voor.

Hy het geen ander plek gegaan nie, behalwe voor? ---Hy het net voor gery.

KRUISVERHOOR DEUR BESKULDIGDE NR. 7:

Jy sê nou jy was by daardie 'conference' of by die vergadering gewees. Wat jy gehoor ht, wanneer sou die mense nou na die plek toe geneem word waar hulle sou ge'train' word?--Hulle het ons nie gesê wanneer nie want hulle gaan manne bymekaar maak wat gewillig is om te gaan, laat hulle gaan.

BESK. NR. 7: Geen verdere vrae.

--------

DANIEL JACOBUS GREEFF, b.v.

VERHOOR DEUR MNR. TERBLANCHE:

U is n speurdersersant in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Kaapstad en jy is verbonde aan die Veilig-heidsafdeling?--Dit is so.

Van wanneer af is jy aan daardie Afdeling verbonde? --Ek is reeds vanaf 1958 verbonde aan die Veiligheidspolisie u Edele.

Het u gedurende daardie tyd..wat was meestal u werk gewees?--Ek is belas met en behulpsaam in die onder-soek van bantoe aangeleenthede, en het dus in n nou voeling met die aktiwiteite van die tans onwettige African National Congress gekom u Edele.

Het u vergaderings bygewoon van daardie organisasie? ---Ek het baie vergaderings bygewoon van die African National Congress, en weet dat dit African National Con-gressvergaderings was, en wel om die volgende drie redes: ten eerste is die African National Congress se vlag by sulke geleenthede gehys. Dit is n vlag met drie horisontale gekleurde vlakke, swart, groen en goud. Die swart stel die bantoebevolking van Afrika voor, die groen stel die uitgestrektheidvan die land, die weivelde voor,en die goud stel die goudpotensiaal in Afrika voor. Ten tweede het die Voorsitter op sulke geleenthede aangekondig dat die vergadering gehou word onder beskerming van die African National Congress. Ten derde is n saluut gegee by hierdie vergaderings en wel in die volgende woorde "Afrika Mayebuya" Dit beteken "Africa, our country." Hierdie saluut is die eerste gedeelte deur die Voorsitter gegee, gewoonlik en

die gehoor het dan die "mayebuya" gedeelte geantwoord. Op hierdie stadium wil ek net onder die Hof se aandag bring dat teen daardie tyd was daar ŉ organisasie wat baie nou in voeling met die A.N.C. gewees het en gekontrolleer was deur die A.N.C. nl. die African National Congress Youth League. Hierdie organisasie was gekontrolleer deur die A.N.C. en het geen konstitusie van sy eie gehad nie. Toe die African National Congress op 8 April 1960 as onwettige organisasie verklaar is is dit aangeneem dat die African National Congress Youth League, wat geaffilieer is tot die A.N.C. ook in die ban gedoen is. Na die onwettigverklaring van die African National Congress, u Edele, en veral gedurende 1961/62, is vergaderings voortgesit onder die naam African Youth League. Die 'National Congress' is toe weggelaat. Hierdie organisasie het dieselfde bestuur, dieselfde lede gehad, en ek het baie vergaderings van hierdie organisasie bygewoon. Op sulke geleenthede is dit ook deur die voorsitter aangekondig dat die vergadering gehou word onder die beskerming van die African Youth League. Al verskil was dat daar nie ŉ vlag was nie en dat die saluut verander is. Die saluut is toe verander na "Amandla Ngwetu" wat beteken "Power is Ours."

Het u gedurende daardie tyd ŉ persoon leer ken met die naam van Archibald Sibeko?---Ek ken Archibald Sibeko baie goed. Hy het opgetree as spreker sowel as voorsitter op A.NC. Vergaderings, op African National Congress Youth League Vergaderings, en op die Youth League vergaderings.

En ken jy ook ŉ persoon met die naam van ANkwandla? --U Edele, ek ken hom onder die naam van Looksmart Solwandle of Looksmart Ngudle.

Collection Number: AD1901

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978

*PUBLISHER:*
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

*LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.